



Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

2024

Studentegelde

Studiegelde en ander onkoste
vir studente; Reëls

Jaarboek, Deel 3

Let daarop dat die Universiteit in Augustus 2023 die Engelse naam vir die Jaarboek, naamlik Calendar, amptelik na Yearbook verander het. Die nuwe naam het onmiddellik in dokumente en kommunikasie van die Universiteit in werking getree en word vanaf die 2024-jaarboek ook in al die Jaarboekdele gebruik.

Akkuraatheid, aanspreeklikheid en veranderings

- Die Universiteit Stellenbosch het alle redelike stappe geneem om te verseker dat die inligting in die Jaarboekdele so akkuraat en volledig as moontlik aangebied word.
- Neem egter kennis dat die Universiteit se Raad en Senaat geen aanspreeklikheid aanvaar vir enige foutiewe inligting in die Jaarboekdele se inhoud nie.
- Die Universiteit behou die reg voor om enige tyd inligting in die Jaarboekdele te verander indien nodig.

Die verdeling van die Jaarboek

- Die Jaarboek is in 13 dele verdeel.
- Deel 1, 2 en 3 van die Jaarboek bevat algemene inligting wat op alle studente van toepassing is. Maak seker jy verstaan alle bepalings in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek wat op jou van toepassing is.
- Deel 4 tot 13 van die Jaarboek is die Fakulteitsjaarboekdele.

Deel	Jaarboekdeel
Deel 1	Algemene Reëls
Deel 2	Beurse en Lenings
Deel 3	Studentegelde
Deel 4	Lettere en Sosiale Wetenskappe
Deel 5	Natuurwetenskappe
Deel 6	Opvoedkunde
Deel 7	AgriWetenskappe
Deel 8	Regsgeleerdheid
Deel 9	Teologie
Deel 10	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Deel 11	Ingenieurswese
Deel 12	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
Deel 13	Krygskunde

Beskikbaarheid van die Jaarboekdele

- Die elektroniese weergawes van die Jaarboekdele is beskikbaar by www.sun.ac.za/Jaarboek.
- Dele 1 tot 12 is in Afrikaans sowel as Engels beskikbaar. Krygskunde (Deel 13) verskyn slegs in Engels.

INHOUDSOPGAWE

1. Inligting vir alle studente.....	1
1.1 Kontak ons.....	1
1.1.1 Amptelike adresse van die Universiteit Stellenbosch.....	1
1.1.2 Universiteit Stellenbosch Kontak- en Kliëntedienssentrum.....	1
1.1.3 Afdeling Studentegelde op Stellenboschkampus.....	1
1.1.4 Afdeling Studentegelde op Tygerbergkampus.....	1
1.1.5 Afdeling Studentegelde op Bellvilleparkkampus.....	1
1.1.6 Besigheidsdienste op Saldanhakampus.....	2
2. Beraamde studiegelde vir voorgraadse en nagraadse programme.....	3
2.1 Beraamde studiegeld per fakulteit.....	3
2.1.1 AgriWetenskappe.....	3
2.1.2 Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.....	4
2.1.3 Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.....	5
2.1.4 Ingenieurswese.....	6
2.1.5 Krygskunde.....	10
2.1.6 Lettere en Sosiale Wetenskappe.....	10
2.1.7 Natuurwetenskappe.....	11
2.1.8 Opvoedkunde.....	12
2.1.9 Regsgeleerdheid.....	13
2.1.10 Teologie.....	14
2.2 Voortgesette registrasie vir volle studietydperk.....	14
3. Inwoning.....	16
3.1 Verpligte eerste paaiement (aanvaardingsbedrag vir voornemende studente) van inwoningsgeld.....	16
3.2 Inwoningsgeld volgens soort universiteitsverblyf.....	16
3.3 Inwoning vóór die aanvang van die akademiese jaar.....	17
3.4 Inwoning tydens die vakansies in Maart- en September.....	18
3.5 Koshuisgeld (Huisgelde).....	18
3.6 Etekwota.....	18
3.6.1 Deposito vir etepakkette.....	18
3.6.2 PSG-studente: ete-opsies.....	18
3.7 Waskwota.....	18
3.8 Aanspreeklikheid vir skade aan universiteitsverblyf.....	18
4. Studentegelderekening.....	19
4.1 Betaalwyses.....	19
4.1.1 Betaling agt paaiemente.....	19
4.1.2 Debietorderstelsel.....	19
4.2 Agterstallige studentegelderekeninge.....	20
4.2.1 Agterstallige gelde.....	20
4.2.2 Rente.....	20
4.2.3 Heraktivering van studentekaarte.....	20
4.3 Betaalmetodes.....	21

4.3.1	Persoonlik by die kassiere.....	21
4.3.2	Aanlyn betalings.....	21
4.3.3	SnapScan.....	21
4.4	Toegang tot studentegelderekeninge	21
4.5	Terugbetaling van kredietbalanse op studentegelderekeninge.....	21
5	Finansiële ondersteuning	22
5.1	Privaat befondsde beurse, lenings, pryse en stipendia.....	22
5.2	Korting	22
5.2.1	Korting vir vroeë betaling van studiegeld.....	22
5.2.2	Korting op onderriggeld vir persone uit dieselfde gesin.....	22
6	Akademiese uitgawes (studentegelde)	23
6.1	Aansoekgeld	23
6.2	Studiegeld.....	23
6.2.1	Registrasiedatums.....	23
6.2.2	Laat registrasie.....	23
6.2.3	Heffing van studiegeld vir alle studente.....	24
6.2.3.1	Gelde per module (voorgraadse, nagraadse en geleentheidstudente).....	24
6.2.4	Gelde gehef per modulekredietoordrag.....	24
6.3	Studentekaart.....	24
6.3.1	Deposito vir drukwerk.....	24
6.4	Studieverwante uitgawes: modulekoste en programkoste.....	25
6.5	Ledegeld vir nie-akademiese geregistreerde studenteverenigings	25
6.6	PSG-ledegeld	25
6.7	Parkeerheffing.....	25
6.8	Registrasie vir verbetering van punte	25
6.9	Dekaansvergunningsassesserings.....	25
6.10	Herhaling van programme of modules	26
6.11	Hertoelating ná onsuksesvolle studie	26
6.12	Studie- en programdokumente.....	26
6.13	Skorsing (verbeuring van betaalde gelde)	27
6.14	Raadsafskrywing van skuld	27
6.15	Assesserings- en herevalueringsbedrag.....	28
6.15.1	Herberekening van finale punte	28
6.15.2	Herevaluering van assesseringsantwoordstelle.....	28
6.15.3	Afkampus-assesserings.....	28
6.15.4	Telematiese programme.....	28
7	Staking en/of kansellasië	29
7.1	Staking van studie.....	29
7.2	Staking van studie – Stellenbosch Besigheidskool-programkoste.....	29
7.3	Kansellasië van Universiteitsverblyf.....	29
7.3.1	Prosedures en reëlins vir die kansellasië van koshuisverblyf (voornemende studente)	29
7.3.2	Prosedures en reëlins van toepassing op die kansellasië of opsegging van koshuisverblyf (huidige studente)	30
7.3.2.1	Kansellasië van koshuisverblyf in die voorafgaande jaar.....	30
7.3.2.2	Kansellasië nadat die akademiese jaar begin het.....	30

8. Internasionale studente – inligting oor gelde vir 2024	31
8.1 Minimum verpligte aanvangsbedrag vir internasionale studente.....	31
8.2 Verpligte eerste paaielemente van inwoningsgeld en etekwotas	32
8.3 Internasionale studente met permanenteverblyfreg in SA, sowel as vlugteling.....	32
8.4 Algemene inligting	33
8.4.1 Vorme van studie.....	33
8.4.2 Klassifikasie van gelde	33
8.4.3 IRF-bedrae vir residensiële internasionale studente in graadprogramme	33
8.4.4 Nie-residensiële internasionale studente in graadprogramme	33
8.4.5 Akademiesediensgelde (beraamd)	33
8.5 Beursstudente.....	33
8.6 Algemene kommentaar	34
9. Studentegelde-almanak 2024.....	35

1. Inligting vir alle studente

1.1 Kontak ons

1.1.1 Amptelike adresse van die Universiteit Stellenbosch

Rig asseblief korrespondensie oor akademiese aangeleenthede, d.w.s. studie-aangeleenthede soos beurse en lenings, asook koshuisplasinge, aan:

Die Registrateur
Universiteit Stellenbosch
Privaat Sak X1
MATIELAND
7602

Rig asseblief korrespondensie in verband met finansiële en dienste-aangeleenthede, diensaspekte van koshuise ingesluit, aan:

Die Hoofdirekteur: Finansies
Universiteit Stellenbosch
Privaat Sak X1
MATIELAND
7602

Webtuiste van die Universiteit Stellenbosch: www.sun.ac.za

1.1.2 Universiteit Stellenbosch Kontak- en Kliëntedienssentrum

Telefoonnommer: 021 808 9111
E-posadres: info@sun.ac.za

1.1.3 Afdeling Studentegelde op Stellenboschkampus

Kantoorure vir navrae: Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 16:30
Kantoorure vir betaling by kassiere: Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 15:30
Telefoonnommer: 021 808 9111
E-posadres (studentegelde): studentegelde@sun.ac.za
E-posadres (studenteleninge): studenteleninge@sun.ac.za

1.1.4 Afdeling Studentegelde op Tygerbergkampus

Administratiewe Kantoor (studentegeldenavrae)

Me L Matthee	021 938 9208
Mnr A Hartzenburg	021 938 9080

Kantoorure vir navrae: Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 16:30
Kantoorure vir betaling by kassiere: Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 15:30

1.1.5 Afdeling Studentegelde op Bellvilleparkkampus

Algemene telefoonnommer: 021 918 4111
E-posadres: SBS-StudentFinance@sun.ac.za of programkoördineerder se e-pos

Rig asseblief alle e-posnavrae direk aan die betrokke programkoördineerder by die Stellenbosch Besigheidskool Indien jy die algemene telefoonnommer vir Bellvilleparkkampus skakel, vra asseblief om met die betrokke programkoördineerder te praat.

1.1.6 Besigheidsdienste op Saldanhakampus

Studente Administrasie Kantoor	
Mev J-M Mac Lachlan	022 702 3017
Mev MC Basson	022 702 3085

Kantoorure vir navrae:

Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 16:30

2. Beraamde studiegelde vir voorgraadse en nagraadse programme

2.1 Beraamde studiegeld per fakulteit

2.1.1 AGRIWETENSKAPPE

a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per voorgraadse program vir 2024 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://www.maties.com>; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

Program	Bedrag	Program	Bedrag
BScVoedselwet	R62 954	BScBosbHoutwet	R60 785
BScAgric	R57 784	BScAgric (Wingerd- en Wynkunde)	R63 441

b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- In die tabel hier onder word die beraamde studiegeld per nagraadse program vir 2024 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld, weergegee.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://wwwO.sun.ac.za/pgstudies/fees.html>.

Program	Bedrag	Program	Bedrag
Nagraadse Diplomaprogramme			
NGDip (Agronomie)	R59 813		
Honneursprogramme			
HonsBSc	R59 813		
Magisterprogramme			
MScAgric Alle jare van inskrywing, per jaar	R21 824	MScVoedselwet Alle jare van inskrywing, per jaar	R21 824
MAgricAdmin Alle jare van inskrywing, per jaar	R21 824	MScBewEkol Alle jare van inskrywing, per jaar	R21 824
MScBosbou- en Houtwetenskappe Alle jare van inskrywing, per jaar	R21 824	MSc Alle jare van inskrywing, per jaar	R21 824
Doktorsprogramme			
PhD (Agric); PhD (Bosb); PhD (voltyds) Alle jare van inskrywing, per jaar	R19 070	PhD (Agric) (deeltyds) Alle jare van inskrywing, per jaar	R13 187
DSc Alle jare van inskrywing, per jaar	R19 070		

2.1.2 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per voorgraadse program vir 2024 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://www.maties.com>; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

Program	Beraamde bedrag vir eerste jaar van studie	Beraamde totaal indien program in minimum tydperk voltooi word (bereken met beraamde bedrae van toepassing in 2024)
BCom (Bestuurswetenskappe), (Ekonomiese Wetenskappe), (Wiskundige Wetenskappe), (Bestuursrekeningkunde), (Finansiële Rekeningkunde)	R54 410	R166 857
BCom (Bestuurswetenskappe) Verlengde Graadprogram	R41 714	R192 248
BRek, BCom (Bedryfsielkunde)	R62 571	R177 739
BCom (Aktuariële Wetenskap)	R76 171	R234 852
BCom (Datawetenskap)	R57 631	R244 308
BCom (Regsgeleerdheid)	R68 588	R198 710
BRekLLB	R76 757	R391 004
BCom (Internasionale Besigheid)	R54 410	R256 439
VGDip (Volhoubare Ontwikkeling)	R61 132	R183 397
VGDip (Publieke Verantwoordbaarheid)	R53 456	R91 756
Gevorderde Dip (Volhoubare Ontwikkeling)	R51 115	-
Gevorderde Dip (Publieke Verantwoordbaarheid)	R53 456	-

b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- Die tabel hier onder toon die beraamde studiegeld per nagraadse program vir 2024 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Verwys na die webblad (<https://www.stellenboschbusiness.ac.za>) van die Stellenbosch Besigheidskool om die gelde van al die Besigheidskool se graadprogramme te bekom.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html>.

Program	Bedrag	Program	Bedrag
Nagraadse Diplomaprogramme in:			
Bemarking, Rekeningkunde, Vervoer en Logistiek	R56 684	Aktuariële Wetenskap	R61 625
Omgewingsbestuur	R48 189	MIV/Vigsbestuur	R41 078
Strategiese Menslikehulpbronbestuur	R59 037	Volhoubare Ontwikkeling	R64 635
Publieke Finansiële Bestuur	R64 642		
Honneursprogramme			
HonsBCom	R56 298	HonsBRek	R70 856
HonsBCom (Publieke en Ontwikkelingsbestuur) / HonsBPubAdmin	R64 642		

Program	Bedrag	Program	Bedrag
Magisterprogramme			
Neem kennis van die algemene reël dat as jy vir die tweede jaar van 'n voltosisprogram inskryf, of vir 'n tweede keer vir jou navorsingswerkstuk-module in 'n gestruktureerde magisterprogram, die fooi slegs een-derde van die klasgeld (plus inflasie), relatief tot die eerstejaarregistrasie, behoort. Indien jy vir die derde agtereenvolgende jaar vir hierdie program of module inskryf, sal die volle gelde (plus inflasie) soos vir die eerste jaar, betaalbaar wees.			
MCom (voltisopsie) Eerste jaar van inskrywing	R39 875	MCom (doseeropsie) (kan wissel na gelang van werkstukkrediete)	R52 877
MCom (Publieke en Ontwikkelingsbestuur)/ MPubAdmin (MPA) (voltisopsie)	R52 173	MCom (Publieke en Ontwikkelingsbestuur)/ MPubAdmin (MPA) (doseeropsie)	R58 596
MPhil (MIV/Vigsbestuur)	R45 429	MPhil (Volhoubare Ontwikkeling)	R58 901
Doktorsprogramme			
Die onderstaande is van toepassing op doktors studente met eerste registrasie in 2018 of daarna. Die fooi hieronder word jaarliks met inflasie aangepas.			
PhD (verwys na Besigheidskool-webwerf vir die prys van die Skool se PhD, wat verskil)	R28 714 per jaar van registrasie totdat die program voltooi is		

2.1.3 GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per voorgraadse program vir 2024 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://www.maties.com>; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

Program	Bedrag	Program	Bedrag
MBChB I	R91 336	MBChB II	R91 336
MBChB III	R91 336	MBChB IV	R91 336
MBChB V	R91 336	MBChB VI	R91 336
BSpraak-Taal en Gehoor	R69 681	BArb	R69 681
BscFisio	R69 681	BScDieetk	R69 681

b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per nagraadse program vir 2024 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html>.

Program	Bedrag	Program	Bedrag
Honneursprogramme			
HonsBSc	R43 756	HonsBSc (Sportwetenskap) Alle jare van inskrywing, per jaar.	R54 720
Magisterprogramme			
MSc (gestruktureerd) Eerste jaar van inskrywing	R39 895	MSc (gestruktureerd) Tweede jaar van inskrywing	R13 983
MSc (tesisopsie) Eerste jaar van inskrywing	R37 870	MSc (tesisopsie) Tweede jaar van inskrywing	R13 486

Program	Bedrag	Program	Bedrag
MSc (tesisopsie) Derde jaar per jaar	R10 089	MSc (tesisopsie) Vierde jaar en verdere inskrywing, per jaar	R20 502
MSc in Sportwetenskap Eerste jaar van inskrywing	R37 870	MSc (Sportwetenskap) Tweede jaar van inskrywing	R13 486
MPhil (uitgesluit subspesialiteite) Eerste jaar van inskrywing	R37 870	MPhil (uitgesluit subspesialiteite) Tweede jaar van inskrywing	R13 486
MPhil (uitgesluit subspesialiteite) Derde jaar van inskrywing	R9 280	MPhil (uitgesluit subspesialiteite) Vierde jaar en verdere inskrywings, per jaar	R21 346
MPhil (subspesialiteite) Eerste jaar van inskrywing	R22 926	MPhil (subspesialiteite) Tweede jaar van inskrywing	R17 313
MPhil (subspesialiteite) Derde jaar van inskrywing, per jaar	R17 611	MPhil (subspesialiteite) Vierde tot sesde jaar van inskrywing, per jaar	R21 346
MMed (vier- en vyfjarige opsies) Eerste, tweede en derde jaar van inskrywing, per jaar	R28 183	MMed (vier- en vyfjarige opsies) Vierde en verdere jaar van inskrywing	R9 162
Doktorsprogramme			
DSc; PhD; DScGeneeskWet Eerste jaar van inskrywing	R41 613	DSc; PhD; DScGeneeskWet Tweede en verdere inskrywings per jaar	R21 141

2.1.4 INGENIEURSWESE

a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per voorgraadse program vir 2024 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://www.maties.com>; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

Program	Bedrag
BIng – alle 4-jarige programme	R73 980

b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per nagraadse program vir 2024 vir die eerste studiejaar.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html>.

Vaste onderriggelde	Bedrag	Plus	Veranderlike onderriggelde	Bedrag
Nagraadsdiplomaprogramme in Ingenieurswese				
Nagraadsdiplomaprogramme in Ingenieurswetenskappe				
NGDiplng (120 krediete) (voltyds) / NGDiplngWet (120 krediete) (voltyds)				
Na die tweede jaar van registrasie moet studente opnuut aansoek om toelating tot die program doen.				
Vaste onderriggeld vir die eerste twee jare van inskrywings, per jaar	R36 535	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R418

Vaste onderriggelde	Bedrag	Plus	Veranderlike onderriggelde	Bedrag
Vaste onderriggeld vir die derde jaar van inskrywings, indien toegelaat	R40 189	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R418
Vaste onderriggeld vir die vierde jaar van inskrywings, indien toegelaat, per jaar	R44 207	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R418
Vaste onderriggeld vir die vyfde en verdere jare van inskrywings, indien toegelaat, per jaar	R48 627	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R418
NGDipling (120 krediete (deeltyds) / NGDiplingWet (120 krediete) (deeltyds)				
Na die derde jaar van registrasie moet studente opnuut aansoek om toelating tot die program doen.				
Vaste onderriggeld vir die eerste drie jare van inskrywings, per jaar	R36 535	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R418
Vaste onderriggeld vir die vierde jaar van inskrywings, indien toegelaat	R40 189	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R418
Vaste onderriggeld vir die vyfde jaar van inskrywings, indien toegelaat	R44 207	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R418
Vaste onderriggeld vir die sesde en verdere jare van inskrywings, indien toegelaat, per jaar	R48 627	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R418

Vaste onderriggelde	Bedrag	Plus	Veranderlike onderriggelde	Bedrag
Magisterprogramme in Ingenieurswese (Gestruktureerd) Magisterprogramme in Ingenieurswetenskappe (Gestruktureerd) (uitgesluit die Ingenieurswesebestuurprogram wat in hibridiese formaat gelewer word)				
MIng (180 krediete) (voltyds) / MIngWet (180 krediete) (voltyds)				
Na die tweede jaar van registrasie moet studente opnuut aansoek om toelating tot die program doen.				
Vaste onderriggeld vir die eerste twee jare van inskrywings, per jaar	R36 535	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R418
Vaste onderriggeld vir die derde en verdere jare van inskrywings, indien toegelaat, per jaar	R49 322	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R418
MIng (180 krediete) (deeltyds) / MIngWet (180 krediete) (deeltyds)				
Na die derde jaar van registrasie moet studente opnuut aansoek om toelating tot die program doen				
Vaste onderriggeld vir die eerste jaar van inskrywing	R36 535	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R418
Vaste onderriggeld vir die tweede en derde jare van inskrywings, per jaar	R18 268	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R418
Vaste onderriggeld vir die vierde jaar van inskrywing, indien toegelaat	R36 535	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R418
Vaste onderriggeld vir die vyfde en verdere jare van inskrywings, indien toegelaat, per jaar	R49 322	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R418
Magisterprogram in Ingenieursbestuur (Gestruktureerd) (in hibridiese formaat aangebied)				
MIng (Ingenieursbestuur) (180 krediete)				
Na die derde jaar van registrasie moet studente opnuut aansoek om toelating tot die program doen				
Vaste onderriggeld vir die eerste jaar van inskrywing	R41 525	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R405
Vaste onderriggeld vir die tweede jaar van inskrywing	R29 573	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R405

Vaste onderriggelde	Bedrag	Plus	Veranderlike onderriggelde	Bedrag
Vaste onderriggeld vir die derde jaar van inskrywing	R11 953	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R405
Vaste onderriggeld vir die vierde jaar van inskrywing, indien toegelaat	R47 619	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R405
Vaste onderriggeld vir die vyfde en verdere jare van inskrywings, indien toegelaat, per jaar	R53 335	plus	Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet)	R405

Program	Bedrag	Program	Bedrag
Magisterprogramme in Ingenieurswese (Tesis)			
Magisterprogramme in Ingenieurswetenskappe (Tesis)			
MIng (180 krediete) (voltyds) / MIngWet (180 krediete) (voltyds) Na die derde jaar van registrasie moet studente opnuut aansoek om toelating tot die program doen.			
Eerste twee jare van registrasie, per jaar	R36 535	Derde jaar van registrasie	R40 189
Vierde jaar van registrasie, indien toegelaat	R44 207	Vyfde en verdere jare van registrasie, indien toegelaat, per jaar	R48 627
MIng (180 krediete) (deeltyds) / MIngWet (180 krediete) (deeltyds) Na die vyfde jaar van registrasie moet studente opnuut aansoek om toelating tot die program doen			
Eerste jaar van registrasie	R36 535	Tweede, derde en vierde jare van registrasie, per jaar	R19 687
Vyfde jaar van registrasie, indien toegelaat	R21 656	Sesde en verdere jare van registrasie, indien toegelaat, per jaar	R36 535
Doktorsprogramme in Ingenieurswese			
PhD (Ing) (360 krediete) (voltyds) / Ing (360 krediete) (voltyds) Na die vierde jaar van registrasie moet studente opnuut aansoek om toelating tot die program doen.			
Eerste drie jare van registrasie, per jaar	R33 414	Vierde jaar van registrasie	R36 755
Vyfde en verdere jare van registrasie, indien toegelaat, per jaar	R40 430		
PhD (Ing) (360 krediete) (deeltyds) / DIng (360 krediete) (deeltyds) Na die sewende jaar van registrasie moet studente opnuut aansoek om toelating tot die program doen			
Eerste jaar van registrasie	R33 414	Tweede, derde en vierde jare van registrasie, per jaar	R18 127

Vyfde jaar van registrasie	R19 928	Sesde jaar van registrasie	R21 933
Sewende jaar van registrasie	R24 125	Agste en verdere jare van registrasie, indien toegelaat, per jaar	R33 414

2.1.5 KRYGSKUNDE

a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Krygskunde is uitsluitlik 'n Engelse fakulteit. Verwys na die Engelse Deel 3 van die Jaarboek vir verdere informasie.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://www.maties.com>; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- Krygskunde is uitsluitlik 'n Engelse kampus. Verwys na die Engelse Deel 3 van die Jaarboek vir verdere informasie.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html>.

2.1.6 LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per voorgraadse program vir 2024 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://www.maties.com>; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

Program	Bedrag	Program	Bedrag
BA	R52 748	BMus	R58 082
BA (Regseleerdheid)	R60 535	BA (VK)	R53 620
BA (Drama- en Teaterstudie)	R52 904	BMaatsk Werk	R54 402

b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per nagraadse program vir 2024 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html>.

Program	Bedrag	Program	Bedrag
Nagraadse Diplomaprogramme			
NGDip (Toegepaste Etiek)	R49 948	NGDip (Musiektegnologie)	R37 253
Honneursprogramme			
HonsBA (English Studies)	R49 679	HonsBA (Drama- en Teaterstudie)	R59 398
HonsBA (Antieke Tale)	R49 760	HonsBA (Afrikaans en Nederlands)	R49 693
HonsBA (Politieke Wetenskap)	R49 714	HonsBA (Sielkunde)	R40 634
HonsBA (Joernalistiek)	R60 669	HonsBA (Geografie en Omgewingstudie)	R57 794
HonsBA (Vertaling)	R51 800		
HonsBA (Afrikatale) (deeltyds) Eerste jaar van inskrywing	R12 249	HonsBA (Afrikatale) (deeltyds) Tweede jaar van inskrywing	R14 591

Program	Bedrag	Program	Bedrag
Magisterprogramme			
Die beraamde gelde vir 180-krediet-tesisopsies word hier onder uiteengesit. Die huidige fooistruktuur geld vir nuwe inskrywings sedert 2019.			
Besoek bogenoemde webadres om 'n kwotasie vir die koste van gestruktureerde opsies op te stel.			
MA Alle jare van inskrywing	R27 438	MMaatsk Werk Alle jare van inskrywing	R27 801
MA (VK) Alle jare van inskrywing	R27 438	MMus Alle jare van inskrywing	R27 438
MA (Geografie en Omgewingstudie) Alle jare van inskrywing, per jaar	R28 638	MA (Joernalistiek) Alle jare van inskrywing	R28 214
Doktorsprogramme			
PhD Eerste en tweede jaar van inskrywing, in 2024, per jaar	R20 518	PhD Derde verdere jare van inskrywing in 2024, per jaar	R7 450
DPhil Eerste en tweede jare van inskrywing in 2024, per jaar	R20 518	DPhil Derde en verdere jare van inskrywing in 2024, per jaar	R7 450

2.1.7 NATUURWETENSKAPPE

a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per voorgraadse program vir 2024 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://www.maties.com>; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

Program	Bedrag
BSc	R66 335

b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per nagraadse program vir 2024 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html>.
- Let wel:** Hierdie studiegelde is hoofsaaklik vir programme wat in die Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied word.
- Om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel vir die studiegelde van HonsBSc-, MSc-, PhD- en DSc-programme met hoofrigtings wat in ander fakulteite aangebied word, insluitende Geografie en Omgewingstudie B (en verwante rigtings) en Geoinformatika, besoek die webadres <http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html>. Die lys programme hier bo vermeld, asook in die tabel hier onder, is nie noodwendig volledig nie.

Program	Bedrag	Program	Bedrag
Honneursprogramme			
HonsBSc (120 krediete)	R55 968	HonsBSc (128 krediete)	R59 699
Magisterprogramme (Navorsing)			
Ná drie jaar se MSc-studie moet jy opnuut aansoek doen om jou studies te mag voortsit.			

Program	Bedrag	Program	Bedrag
MSc (voltyds) Alle jare van inskrywing	R21 824		
MSc Geoinformatika; MSc Geografie en Omgewingstudie B:			
Die huidige fooistruktuur vir die 180-krediet-tesis geld vir nuwe inskrywings sedert 2019.			
MSc (voltyds) in bogenoemde studierigtings Alle jare van inskrywing	R28 638		
Magisterprogramme (Gestruktureerd)			
MSc in Masjienleer en Kunsmatige Intelligensie Eerste jaar van inskrywing	R52 838	MSc in Masjienleer en Kunsmatige Intelligensie Tweede jaar van inskrywing	R52 838
Doktorsprogramme			
Ná vier jaar se PhD-studie moet jy opnuut aansoek doen om jou studies te mag voortsit.			
PhD Alle jare van inskrywing	R21 825		
Ná twee jaar voltydse of deeltydse DSc-studies moet jy opnuut aansoek doen om jou studies te mag voortsit.			
DSc (voltyds of deeltydse) Eerste jaar van inskrywing	R34 640	DSc (voltyds of deeltydse) Tweede jaar van inskrywing	R6 928

2.1.8 OPVOEDKUNDE

a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per voorgraadse program vir 2024 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://www.maties.com>; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

Program	Bedrag
BEd (Intermediêre Fase)	R57 776
BEd (Grondslagfase)	R55 467

b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per nagraadse program vir 2024 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html>.

Program	Bedrag	Program	Bedrag
Nagraadse Diploma- en Sertifikaatprogramme			
NGDip in Hoër Onderwys (Onderrig en Leer) Eerste jaar van inskrywing	R32 589	NGDip in Hoër Onderwys (Onderrig en Leer) Tweede jaar van inskrywing	R10 862
Nagraadse Onderwyssertifikaat (NOS) Eerste jaar van inskrywing	R40 575		

Program	Bedrag	Program	Bedrag
Honneursprogramme			
HonsBEd	R71 531		
Magisterprogramme			
Die volgende geld vir alle nuwe inskrywings vanaf 2019 vir die 180-krediet-tesisopsie, en vir programme met navorsingsmodules met 'n kredietwaarde van <180:			
Daar is 'n nuwe geldestruktuur vir eerste inskrywings, met dieselfde bedrag per jaar (met die jaarlikse verhoging) vir alle jare van die aantal toegelate studiejare.			
Die gemiddelde gelde vir 180-krediet-tesisopsies (navorsing) en vir die gestruktureerde programme MPhil, MEd en MEdPsig word hier onder uiteengesit.			
MEd (tesis) Alle jare van inskrywing, per jaar, vanaf eerste inskrywing in 2019	R28 242	Gestruktureerde programme: MEd, MPhil en MEdPsig Alle jare van inskrywing, per jaar, vanaf eerste inskrywing in 2019	R28 242
Doktorsprogramme			
PhD Eerste twee jaar van inskrywing, per jaar	R34 484	PhD Derde jaar en verdere inskrywing, per jaar	R7 590

2.1.9 REGSGELEERDHEID

a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per voorgraadse program vir 2024 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://www.maties.com>; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

Program	Bedrag	Program	Bedrag
LLB (voorgraads) Vierjarige program Eerste jaar van inskrywing	R55 793	LLB (nagraads) (drie jaar), as tweede B-graad Eerste jaar van inskrywing	R69 186

b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per nagraadse program vir 2024 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://wwwO.sun.ac.za/pgstudies/fees.html>.

Program	Bedrag	Program	Bedrag
Nagraadse Diplomaprogramme			
NGDip (Belastingreg) Eerste jaar van inskrywing	R21 637	NGDip (Belastingreg) Tweede jaar van inskrywing	R21 637
NGDip (Intellektuele Goederereg)	R44 630	NGDip (Staatsverkrygingsbeleid en -regulering)	R44 713
Magisterprogramme			
LLM (tesis) Eerste jaar van inskrywing	R38 388	LLM (tesis) Tweede jaar en verdere inskrywing, per jaar	R10 070
LLM (Privaatreg, Handelsreg, Publiekreg) (gestruktureerd) (180 krediete) Eerste jaar van inskrywing	R74 318	LLM (Internasionale Handelsreg) (gestruktureerd) (180 krediete) Eerste jaar van inskrywing	R75 217

Program	Bedrag	Program	Bedrag
LLM (Arbeidsreg) (gestruktureerd) (180 krediete) Eerste jaar van inskrywing	R74 271	LLM (Alternatiewe Geskilbeslegting) Eerste jaar van inskrywing	R75 297
LLM (Staatsverkrygingsbeleid en -regulering) Eerste jaar van inskrywing	R75 159	LLM (Intellektuele Goederereg) (gestruktureerd) Eerste jaar van inskrywing	R74 090
Doktorsprogramme			
LLD Eerste jaar van inskrywing	R30 947	LLD Tweede jaar van inskrywing	R28 489
LLD Derde jaar van inskrywing	R7 590	LLD Vierde jaar van inskrywing	R16 980
LLD Vyfde jaar van inskrywing	R18 678	LLD Sesde jaar van inskrywing	R20 547

2.1.10 TEOLOGIE

a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per voorgraadse program vir 2024 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://www.maties.com>; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

Program	Bedrag	Program	Bedrag
BTh	R56 227	BDiv	R63 164
BTh Deeltyds	R35 694	BTh (verlengdekurrikulumprogram)	R40 579

b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per nagraadse program vir 2024 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: <http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html>.

Program	Bedrag	Program	Bedrag
Nagraadse Diplomaprogramme			
NGDip (Teologie) Eerste jaar van inskrywing	R39 152	NGDip (Teologie) Tweede jaar en verdere inskrywing, per jaar	R9 883
Magisterprogramme			
MTh	R41 397	MDiv	R46 316
Doktorsprogramme			
PhD Eerste twee jaar van inskrywing, per jaar	R25 409	PhD Derde jaar en verdere inskrywing, per jaar	R15 245

2.2 Voortgesette registrasie vir volle studietydperk

- Alle nagraadse studente (honours-, magister-, doktrale, nagraadsdiploma- en sertifikaat-studente) moet elke jaar, vir die volle tydperk van hulle studies, as student registreer. Daar is 'n volledige omskrywing in die hoofstuk "Nagraadse Kwalifikasies" in Deel 1 van die Jaarboek.
- As jy 'n nagraadse student is en versuim om voor die voorgeskrewe datum in 'n betrokke jaar te registreer, verval jou registrasie vir die betrokke program en, as jy 'n M- of D-student is, ook die

onderwerp van jou tesis of proefskrif.

- As jy dan weer tot die betrokke sertifikaat-, diploma- of graadprogram toegelaat wil word, moet jy skriftelik om toelating tot die betrokke program aansoek doen, van nuuts af daarvoor registreer en die vereisde studiegeld van voor af betaal.
- As jy 'n magister- of doktorsale program gevolg het, kan registrasie vir die program normaalweg voortgaan mits:
 - jy die nodige toestemming verkry het; en
 - al jou programgelde vir die jaar of jare van nieregistrasie opbetaal is; tensy betaling vir die jare van nieregistrasie finansiële nadeliger vir jou sal wees as registrasie van nuuts af – dan sal die Universiteit dit oorweeg om jou asof van nuuts af te laat registreer.
- As die gelde vir die jaar of jare van onderbreking opbetaal word, word jy nie terugwerkend geregistreer nie. 'n Kwotasie wat op die webtuiste saamgestel word, sal ook nie die volledige gelde betaalbaar met hertoelating weerspieël nie. Doen by studentegelde@sun.ac.za navraag vir 'n beraming van die verskuldigde bedrag.

3. Inwoning

3.1 Verpligte eerste paaient (aanvaardingsbedrag vir voornemende studente) van inwoningsgeld

- Die bedrag van R16 400 is ten volle betaalbaar deur alle studente aan wie 'n plek in Universiteitsverblyf toegeken is.
- Die eerste keer dat 'n plek in Universiteitsverblyf aan jou toegeken word, word jy in die voorafgaande jaar skriftelik daarvan in kennis gestel en versoek om, as aanduiding dat jy die toegekende plek aanvaar, die bewys van betaling van die aanvaardingsbedrag (die verpligte eerste paaient van inwoningsgeld) aan die Universiteit te stuur. Deur die aanvaardingsbedrag te betaal, aanvaar jy die voorwaardes en bepalinge in verband met koshuisverblyf.
- As jy heraansoek om plasing in Universiteitsverblyf gedoen het en dit word goedgekeur, moet jy die verpligte eerste paaient vir inwoning vir die betrokke jaar voor of op die registrasiedatum betaal. Jy kan hierdie verpligte eerste paaient van inwoningsgeld en dié vir studiegeld as 'n gesamentlike bedrag inbetaal.

3.2 Inwoningsgeld volgens soort Universiteitsverblyf

- Alle bedrae word in rand verskaf en is betaalbaar per persoon.
- Tensy anders vermeld, word die bedrae per huidige akademiese jaar aangedui, nie per maand nie, en sluit dit die verpligte eerste paaient in.
- Die koste van etes en van koshuisgeld (huisgelde) is nie by hierdie bedrae ingesluit nie, tensy so vermeld.

Stellenboschkampus

	Enkelkamer (R)	Dubbelkamer (R)
Manskoshuise (voorgaads)		
Dagbreek	67 560	55 550
Eendrag	67 560	55 550
Helderberg	67 560	55 550
Helshoogte	67 560	55 550
Huis Marais	67 560	55 550
Huis Visser	67 560	55 550
Majuba	67 560	55 550
Simonsberg	67 560	55 550
Wilgenhof	67 560	55 550
Vrouekoshuise (voorgaads)		
Erica	65 990	54 370
Harmonie	65 990	54 370
Heemstede	65 990	54 370
Huis ten Bosch	65 990	54 370
Irene	65 990	54 370
Lydia	65 990	54 370
Minerva	65 990	54 370
Monica	65 990	54 370
Nemesia	65 990	54 370
Nerina	65 990	54 370
Serruria	65 990	54 370
Sonop	65 990	54 370

	Enkelkamer (R)	Dubbelkamer (R)
Gemengde koshuise (mans en vroue) (voorgraads)		
Goldfields	67 560	55 550
Metanoia	67 560	-
Senior en nagraadse koshuisverblyf		
Huis Russel Botman	67 560	-
Luister-, Leer- en Leefhuise (LLL-huise)	67 560	-
HUB-huiskomitees	67 560	-
Universiteitshuise		
Alle Universiteitshuise	60 320	48 350
Universiteitswoonstelle		
Huis De Villiers	62 200	50 490
Huis MacDonald: Tipe A – enkelkamer met gesamentlike was- en eetgeriewe	53 270	-
Huis MacDonald: Tipe B – enkelwoonstel (1 persoon)	70 300	-
Lobelia: tweeslaapkamerwoonstel	65 380	-
Concordia: drieslaapkamerwoonstel	64 960	-
Universiteitswoonstelle (internasionale studente)		
E-pos asseblief Universiteit Stellenbosch Internasionaal by interhouse@sun.ac.za , of bel na +27 21 808 4702, of besoek die webtuiste by http://www.sun.ac.za/english/SUInternational/Pages/University-Administered-Housing-.aspx .		
Privaatverblyf		
http://www.stayatstellenboschuniversity.co.za		

Tygerbergkampus

	Enkelkamer (R)	Dubbelkamer (R)
Mans-en-vrouekoshuise		
Hippokrates	58 510	44 540
Huis Francie van Zijl	57 410	43 630
Huis Ubuntu	67 010	-
eNkanyini	67 010	-
Nkosi Johnson	67 010	-
Ander koshuisverblyf		
Meerhoff: Tipe A (enkelkamer) Blok A & B	72 100	-
Meerhoff: Tipe B (duet) Blok C & F	75 470	-
Meerhoff-uitbreiding Blok G & H	66 450	53 180

3.3 Inwoning voor die aanvang van die akademiese jaar

Huiskomiteeëde, mentors en eerstejaarstudente wat aan die verwelkomingsprogram vir eerstejaarstudente deelneem voordat die Universiteit amptelik open, mag gratis tuisgaan in die koshuis waar inwoning vir dié doel aan hulle toegeken is.

Vir alle ander studente wat toegelaat word om voor die aanvang van die akademiese jaar of tydens die reses in 'n koshuis tuis te gaan, geld die volgende tarief:

Slegs inwoning	R228 per dag
Inwoning met ete van die dag (indien beskikbaar)	R337 per dag

3.4 Inwoning tydens die vakansies in Maart en September

Jy hoef nie gedurende die kort vakansies, in Maart en September, jou Universiteitsverblyf te ontruim nie. Ons kan egter nie waarborg dat dienste (bv. etes) volledig gelewer sal word nie.

3.5 Koshuisgeld (huisgelde)

Daar word jaarliks 'n bedrag vir koshuisgeld teen die studentegelderekening van alle koshuisstudente gehef. Die bedrag vir 2024 is R768.50. Dit word aangewend vir die dag-tot-dag-funksionering van koshuise en dek 'n breë spektrum uitgewes wat tot voordeel van koshuisinwoners aangegaan word.

3.6 Etekwota

3.6.1 Deposito vir etepakkette

Inwoningsgeld sluit nie etes in nie, behalwe waar anders vermeld. Studente op die Stellenboschkampus maak gebruik van 'n besprekingstelsel. As jy geplaas is in 'n Universiteitskoshuis op die Stellenboschkampus wat etes voorsien, is jou besonderhede reeds op die etestelsel ingevoer. Jy moet 'n kwota laai om die etestelsel te aktiveer. Studente kan in 2024 'n etekwota van hoogstens R32 550 op hulle studentegelderekening laai. Onbespreekte etes word teen dubbeltarief verskaf. Jy kan aan die begin van die jaar deur 'n rekenaarterminaal in jou koshuis of deur die studenteportaal <http://my.sun.ac.za> 'n etekwota uitkies en laai. Jy kan ook TOT 16 AUGUSTUS via hierdie twee portale die kwota verhoog, of die SnapScan-toepassing gebruik om voorafbetalings te maak.

NÁ 16 AUGUSTUS kan jy jou etekwota slegs met 'n inbetaling by die kassiere aanvul of met 'n aanlyn betaling by <http://my.sun.ac.za>, onder "Finansies", "Betalingsopsies", of deur die SnapScan-toepassing te gebruik. As die bedrag van die etepakket wat jy gekies het nie teen die einde van die akademiese jaar uitgeput is nie, word die oorblywende bedrag teen jou studentegelderekening gekrediteer.

Vir studente wat finansiëlebystandsebeurse ontvang geld daar verskillende beperkings om beursfondse vir maaltye gedurende die jaar te bestuur. Die beursafdeling sal besonderhede direk aan die betrokke studente wat finansiëlebystandsebeurse ontvang, volgens kategorie kommunikeer.

3.6.2 PSG-studente: ete-opsies

As jy lid van die PSG (Pendelstudentegemeenskappe) is, moet jy op die US-portaal registreer om etes by 'n koshuis binne jou kluster of in die Studentesentrum te mag neem. Ná registrasie moet jy 'n bedrag op die voorafbetaalde etekwotastelsel inbetaal waaruit bestedings gemaak kan word. Daarna geld dieselfde reëls as vir inwonende studente se etevoordeel.

3.7 Waskwota

Dié deposito word teen die studentegelderekening van alle koshuisstudente gehef vir die gebruik van wasgeriewe by koshuise, insluitende wasmasjiene en tuimeldroërs.

Jy kan jou waskwota TOT 16 AUGUSTUS by enige wasgerief aanvul deur jou studentekaart te skandeer, waardeur daar dan 'n aanvullende kwota (tans R1 050) op jou studentegelderekening daarvoor gelaai word. Jy kan ook die SnapScan-toepassing gebruik om voorafbetalings te maak.

NÁ 16 AUGUSTUS kan jy jou waskwota slegs met 'n inbetaling by die kassiere aanvul of met 'n aanlyn betaling by <http://my.sun.ac.za>, onder "Finansies", "Betalingsopsies", of deur die SnapScan-toepassing te gebruik. As jou waskwota nie teen die einde van die akademiese jaar uitgeput is nie, word die oorblywende deel daarvan teen jou studentegelderekening gekrediteer.

3.8 Aanspreeklikheid vir skade aan Universiteitsverblyf

Alle uitgewes wat aangegaan moet word om skade te herstel wat jy aan Universiteitsverblyf aangerig het, sal teen jou studentegelderekening gehef word. Navrae in hierdie verband moet aan die betrokke inwonende hoof gerig word.

4. Studentegelderekening

Let asseblief op die volgende formele bepalings:

- Die Raad behou die reg voor om alle gelde wat aan die Universiteit betaalbaar is sonder kennisgewing te wysig, na gelang van omstandighede.
- Studie- en inwoningsgeld is ten volle betaalbaar, ook as enige dienste wat deur die Universiteit verskaf word deur toestande buite die Universiteit se beheer onderbreek word, byvoorbeeld deur stakings, studenteboikotte, openbare onrus of enige ander ontwrigting op kampus.

4.1 Betaalwyses

Die onderstaande twee maniere om aan die Universiteit se betalingsvoorwaardes te voldoen is slegs beskikbaar vir Suid-Afrikaanse studente, studente met permanenteverblyfreg, studente met diplomatieke status of vlugtelingsstatus en asielsoekers.

Let wel:

- As jy skriftelike bewys kan lewer dat 'n beurs of lening reeds vir die betrokke jaar se program-registrasie aan jou toegestaan is, hoef jy nie die eerste paaieiment van studiegeld VOOR OF EINDE FEBRUARIE te betaal nie, mits die totale beurs- of leningbedrag minstens die eerste paaieiment van die studiegeld vir die jaar dek. As die beurs of lening minder as die eerste paaieiment van studiegeld is, moet jy self die verskil teen die registrasiedatum inbetaal. Jy moet 'n afskrif van die amptelike skriftelike bewys van die beurs of lening, met die bevestigde bedrag van die toekenning, verkieslik voor, of andersins tydens registrasie by die Afdeling Studentegelde indien. Hierdie bewys moet op 'n amptelike briefhoof van die borg/bank ingedien word en moet die beoogde datum van betaling van die beursbedrag in die US-bankrekening, asook die e-posadres van die borg/kontakpersoon by die bank insluit. Jy kan die amptelike bewys van 'n privaat beurs ook aan mev Juanita van den Berg by juanitavdb@sun.ac.za e-pos, en die bewys van 'n lening na studentegelde@sun.ac.za.
- Rekeninge word maandeliks teen die datums vir betaling soos aangedui in die tabel vir elke betaalwyse per e-pos uitgestuur. Hierdie e-posse word aan die rekeningpligtige of, as dié se e-posadres onbeskikbaar is, aan jou (die student) self uitgestuur. Rekeninge vir enige addisionele gelde wat moontlik ná September op die rekening gehef word ook per e-pos uitgestuur.
- Jy kan die e-posadres waarheen jou rekeninge gestuur word, verander deur by <http://my.sun.ac.za> aan te teken en die volgende te doen:
 - Kies "Voorgraads" of "Nagraads".
 - Kies "Administrasie".
 - Kies "Adres & Kontakligting".
 - Teken in met jou gebruikersnaam en wagwoord.
 - Verander jou e-posadres.

4.1.1 Betaling in agt paaieimente

Betaling is in agt paaieimente, met elke paaieiment 'n persentasie van die totale gelde betaalbaar, soos per ondergenoemde tabel.

DATUM VIR BETALING	% VAN TOTALE GELDE BETAALBAAR
Eerste paaieiment op 28 FEBRUARIE	20%
Tweede paaieiment op 31 MAART	20%
Derde paaieiment op 30 APRIL	20%
Vierde paaieiment op 31 MEI	20%
Vyfde paaieiment op 30 JUNIE	5%
Sesde paaieiment op 31 JULIE	5%
Sewende paaieiment op 31 AUGUSTUS	5%
Agtste paaieiment op 30 SEPTEMBER	5%

4.1.2 Debietorderstelsel

As jy volgens die US-debietorderstelsel wil betaal, kan jy 'n debietordervorm met die volledige inligting by die Afdeling Studentegelde aanvra. Die vorm is ook by <http://my.sun.ac.za> onder "Finansies", "Betalingsopsies" verkrygbaar. Jy of jou ouers moet VOOR 9 FEBRUARIE aansoek doen om volgens die US-debietorderstelsel te betaal. Die Universiteit sal die debietorder by die bank skeduleer. As jou aansoek NÁ 9 FEBRUARIE ontvang word, sal dit oorweeg word mits jy dan die minimum bedrag betaal wat SEDERT 1 MAART as debietorderbetalings sou afgegaan het.

As daar enige heffings NÁ 1 MAART op die studentegelderekening bykom, word dit proporsioneel by die oorblywende maandelikse debietorderpaaielemente ingesluit.

Hierdie betaalwyse bly geldig vir die volle duur van jou studies, mits dit 'n ononderbroke tydperk is, of tot 30 dae nadat die rekeningpligtige die debietorderbetaling skriftelik by die Afdeling Studentegelde gekanselleer het. Jy hoef dus nie elke jaarlik aansoek te doen om die debietorderstelsel te gebruik nie, ongeag of dit 'n verdere akademiese jaar in dieselfde program is of 'n nuwe program wat jy volg.

Volgens hierdie betaalwyse, soos uiteengesit in die tabel hieronder, betaal jy tien maandelikse paaielemente bykomend tot die bedrag wat jy reeds teen die registrasiedatum betaal het.

DATUM VIR BETALING	% VAN TOTALE GELDE BETAALBAAR
Eerste paaielement op 1 MAART	10
Tweede paaielement op 1 APRIL	10
Derde paaielement op 1 MEI	10
Vierde paaielement op 1 JUNIE	10
Vyfde paaielement op 1 JULIE	10
Sesde paaielement op 1 AUGUSTUS	10
Sewende paaielement op 1 SEPTEMBER	10
Agtste paaielement op 1 OKTOBER	10
Negende paaielement op 1 NOVEMBER	10
Tiende paaielement op 1 DESEMBER	10

4.2 Agterstallige studentegelderekeninge

4.2.1 Agterstallige gelde

Die Raad behou die reg voor om jou toelating tot verdere klasse aan die US en Universiteitsverblyf te weier as jy gelde aan die Universiteit verskuldig bly ná die betaaldatum daarvan.

Die Raad behou die reg voor om jou toelating tot Universiteitseksamens te weier as jy sonder verlof van die Raad gelde aan die Universiteit verskuldig is.

As jy sonder verlof van die Raad gelde aan die Universiteit verskuldig is, sal jou eksamenuitslae, vorderingsuitslae en akademiese rekord nie bekend gemaak word nie totdat jy die betrokke skuld ten volle vereffen het.

Alle agterstallige bedrae op jou studentegelderekening vir 'n bepaalde jaar moet vereffen wees voordat jy vir 'n daaropvolgende jaar mag registreer.

4.2.2 Rente

Om rente te voorkom, moet jy paaielemente stiptelik op die vasgestelde datums betaal, selfs al het jy nie jou studentegelderekening ontvang nie. Rente teen die bank se primakoers word maandeliks gehef op bedrae wat nie op die betaaldatums ontvang is nie, streng bereken vanaf die datum waarop 'n bedrag betaalbaar was. Die eerste paaielement van studie- en inwoningsgelde is normaalweg onmiddellik met registrasie betaalbaar.

As jy amptelike, skriftelike bewys verskaf het dat 'n beurs reeds aan jou toegeken of 'n lening reeds toegestaan is, en dat die betrokke bedrag ten minste die eerste paaielement sal dek, hoef jy nie hierdie eerste betaling met registrasie te betaal nie. Let egter daarop dat, indien enige bedrag wat by registrasie betaalbaar was, onbetaald bly, rente vanaf die registrasiedatum daarop gehef sal word.

4.2.3 Heraktivering van studentekaarte

As jou studentegelderekening agterstallig is, kan jou studentekaart vir sekere Universiteitsdienste (onder meer toegang tot geboue) gedeaktiveer word, en jou toegang tot jou akademiese rekord geblokkeer word.

Daar is 'n vervangingskoste van R80 indien jou studentekaart verlore raak of beskadig word. Hierdie koste word teen jou studenterekening gehef wanneer die nuwe kaart uitgereik word.

As daar alreeds weens 'n agterstallige studentegelderekening 'n blokkasie teen jou rekord staan, sal die vervangende kaart egter ook geblokkeer wees.

4.3 Betaalmetodes

4.3.1 Persoonlik by die kassiere

Stellenboschkampus

Die kassiere in Blok A van die Sentrale Administrasie Gebou:

Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 15:30

Tygerbergkampus

Die kassiere in die Kliniese Gebou, 1ste verdieping, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe:

Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 15:30

4.3.2 Aanlyn betalings

Jy kan as volg aanlyn op die Afdeling Studentegelde se webblad betaal:

1. Besoek www.maties.com.
2. Klik op "Gelde".
3. Kies "Aanlyn betaling van studentegelde".
4. Volg die instruksies en betaal by wyse van 'n kredietkaart of elektroniese geldoordrag (Eng. *EFT*).

Die voordeel van aanlyn betalings: Die kwitansie word onmiddellik verwerk, wat beteken dat daar nie tydens registrasie enige vertraging is met die betaling van die verpligte eerste paalement nie, en ook nie later met die bekendmaking van jou eksamenuitslae nie.

4.3.3 Snapscan

Die Universiteit van Stellenbosch is die eerste Suid-Afrikaanse Universiteit wat die SnapScan-toepassing, waarmee binne-toepassingsbetalings gemaak kan word, op sy kampusse gaan gebruik.

Dit beteken dat jy vir sommige betalings nie meer kontant hoef saam te dra nie.

SnapScan is 'n mobiele toepassing waarmee jy kontantlose betalings kan maak. Jy kan twee soorte betalings binne die SnapScan-toepassing maak, naamlik rekeningbetalings van studentegelde en voorafbetalings vir dienste soos drukwerk, was en etes. Hierdie betalings is voorheen in kontant of met 'n kaart by die Universiteit se kassiere in die sentrale administrasie-gebou gemaak.

4.4 Toegang tot studentegelderekening

As jy as student en netwerkgebruiker geregistreer is, kan jy via die studenteportaal (<http://my.sun.ac.za>) die stand van jou studentegelderekening op die web nagaan.

Ná registrasie stuur ons 'n volledige studentegelderekening vir die akademiese jaar na die e-posadres van die rekeningpligtige soos dit op die studenteportaal by <http://my.sun.ac.za> verskyn; andersins stuur ons dit na jou studente-e-posadres.

TEEN 19 FEBRUARIE kan jy via die studenteportaal by <http://my.sun.ac.za> toegang tot jou studentegelderekening verkry.

Let Wel: Die plig rus op jou om 'n rekening aan te vra as jy nie een ontvang het nie. Die Universiteit aanvaar nie verantwoordelikheid daarvoor as 'n rekening onafgelewer is, byvoorbeeld weens 'n foutiewe e-posadres wat verskaf is, nie. Die feit dat jy geen rekening ontvang het nie, is dus nie 'n aanvaarbare verweer as jou studentegelderekening teen die vasgestelde datum onbetaald was nie.

Gaan jou studentegelderekening gereeld na, veral ná die finale betaaldatum – 30 SEPTEMBER – en vóór die Desember-gradeplegtigheid, om te verhoed dat bykomende heffings wat ná die finale betaaldatum op jou studentegelderekening gelaai is, 'n onbetaalde balans skep wat kan lei daartoe dat jou eksamenuitslae onderdruk kan word.

4.5 Terugbetaling van kredietbalanse op studentegelderekening

As daar 'n kredietbalans op jou studentegelderekening ontstaan omdat jy te veel betaal het, kan jy ná afloop van jou studies aanvra dat ons dit uitbetaal. Daarvoor het ons die volledige bankbesonderhede nodig van die persoon wat die uitbetaling moet ontvang nodig (vul hierdie besonderhede op die voorgeskrewe vorm in), met die bewys van die aanvanklike betaling aangeheg. Die vorm is by die Afdeling Studentegelde te kry, en by <http://my.sun.ac.za> onder "Finansies", "Betalingsopsies". Hierdie proses geld nie vir beurshouers nie. Krediete wat ontstaan het as gevolg van keuringsgelde wat as deel van jou aansoek betaal is, of verbeurde losiesdeposito's sal nie uitbetaal word nie.

5. Finansiële ondersteuning

5.1 Privaat befondsde beurse, lenings, pryse en stipendia

Alle privaat befondsde beurstoekennings wat deur die Universiteit ontvang en geadministreer word, word in die studentegeldrekening van die betrokke beurshouers inbetaal. Die volle studiegeld vir die betrokke akademiese jaar word eers afgetrek. As enige kredietbalans daarna beskikbaar is, word dit slegs met skriftelike toestemming van die betrokke beursinstansie uitbetaal. Jy moet self met die beursinstansie reël dat hulle 'n bewys van hulle betaling en skriftelike toestemming vir die uitbetaling van die kredietbalans verskaf. As daar aan jou 'n nagraadse beurs toegestaan is, kan jy by die Nagraadse Kantoor navraag doen oor die prosedure wat jy moet volg.

Vir nadere besonderhede in hierdie verband, raadpleeg Deel 2 van die Jaarboek; dit handel spesifiek oor beurse, lenings, pryse en stipendia.

In terme van die geskrewe ooreenkoms tussen jou en die beursinstansie, bly dit jou verantwoordelikheid om op te volg indien daar enige uitstaande betalings is.

5.2 Korting

5.2.1 Korting vir vroeë betaling van studiegeld

As jy jou volle studiegeld VOOR OF OP 31 MAART betaal, kry jy 'n korting van 3% op die gedeelte daarvan wat uit onderriggeld bestaan. Jou ouer of voog moet die voorgeskrewe vorm by die Afdeling Studentegelde aanvra, invul en weer vir verwerking by hulle inlewer met die betalingsbewys daarby. E-pos die ingevulde vorm na studentegelde@sun.ac.za.

Bogenoemde korting is nie op die module- of programkoste-deel van die studiegelde van programme by die Stellenbosch Besigheidskool en SPL, asook die MPhil (Inligting- en Kennisbestuur) van die Departement Inligtingkunde, van toepassing nie.

Let wel:

- Die volle studiegeldbedrag vir die betrokke jaar moet eers betaal word voordat jy aansoek om korting weens vroeë betaling kan doen. Sodra die aansoek goedgekeur en verwerk is, trek ons die 3%-kortingsbedrag op jou studentegeldrekening af. Die persoon wat die studiegeld inbetaal, mag dus nie self die korting bereken en dit vooraf aftrek nie. Ons toon die kortingsbedrag as 'n krediet op jou studentegeldrekening aan eerder as om dit uit te betaal, want dan kan dit aangewend word vir kostes wat jy dalk later in die jaar oploop.
- Jy kan slegs vir jou huidige studiejaar aansoek doen om korting, nie terugwerkend vir vorige jare nie. Om vir hierdie korting in aanmerking te kom, moet jy 'n student met Suid-Afrikaanse burgerskap wees, die ouer of voog van 'n student met Suid-Afrikaanse burgerskap wat finansiële vir die volle studentegeldrekening verantwoordelik is, of 'n internasionale student wat 'n geldige permanente verblyfpermit in die RSA het. Ander internasionale studente en studente wat beurshouers is, is hiervan uitgesluit.

5.2.2 Korting op onderriggeld vir persone uit dieselfde gesin

As drie of meer persone uit dieselfde gesin gelyktydig vir voltydse programme aan die US ingeskryf is, kan 'n korting van 10% op onderriggeld per student toegestaan word. Hierdie korting kan slegs in vir die huidige studiejaar aangevra word, nie terugwerkend vir vorige jare nie. Die ouer of voog moet die voorgeskrewe vorm by die Afdeling Studentegelde aanvra, dit invul en weer vir verwerking by hulle inlewer. Die vorm is ook by <http://my.sun.ac.za> te kry onder "Finansies", "Betalingsopsies". E-pos die ingevulde vorm na studentegelde@sun.ac.za.

Bogenoemde korting is nie op die module- of programkoste-deel van die studiegelde van programme by die Stellenbosch Besigheidskool en SPL, asook die MPhil (Inligting- en Kennisbestuur) van die Departement Inligtingkunde, van toepassing nie.

6. Akademiese uitgawes (Studentegelde)

6.1 Aansoekgeld

Die bedrae wat as aansoekgelde gelys word, is vir aansoeke vir 2025 betaalbaar. Die toepaslike aansoekgeld moet saam met jou aansoek ingedien word. Die bedrag is eenmalig, per aansoek, betaalbaar en is nie terugbetaalbaar nie.

Aansoekgeld van R100 moet betaal word deur die volgende kategorieë aansoekers:

- Suid-Afrikaanse burgers
- Houers van permanente verblyf in Suid-Afrika
- Houers van vlugtelingstatus in Suid-Afrika
- Houers van asielsoekerstatus in Suid-Afrika
- Houers van diplomatieke status in Suid-Afrika

Voorgraadse aansoekers uit 'n skool in kwintiel 1 tot 3 is vrygestel van enige aansoekgeld (insluitend houers van permanente verblyf in Suid-Afrika, houers van vlugtelingstatus in Suid-Afrika, houers van asielsoekerstatus in Suid-Afrika en houers van diplomatieke status in Suid-Afrika).

Aansoekgeld van R400 moet betaal word deur alle internasionale aansoekers vir graadprogramme op voorgraadse en nagraadse vlakke (uitgesluit Stellenbosch Besigheidskool-aansoekers).

Stellenbosch Besigheidskool-aansoekers moet as volg aansoekgeld betaal:

- Vir MBA-programme – R1 050
- Vir alle ander programme – R850

Let wel: Sommige programme het vasgestelde sluitingsdatums vir aansoeke. Raadpleeg die US Almanak op die Universiteit se webtuiste of die betrokke fakulteit se Jaarboekdeel om te verseker dat jy betyds vir jou voorgename program aansoek doen.

6.2 Studiegeld

6.2.1 Registrasiedatums

Daar is verskillende amptelike registrasiedatums vir eerstejaar- en terugkerende voorgraadse studente, geleentheidstudente, en eerstejaar- en terugkerende nagraadse studente. Raadpleeg die kennisgewing oor registrasie wat jy ontvang het of besoek <http://www.sun.ac.za/afrikaans/> oor die registrasiedatum wat op jou van toepassing is.

Registrasie vir eerste semester

23 FEBRUARIE	Laaste dag vir laat registrasie vir voorgraadse, geleentheids-, diploma-, sertifikaat- en honneursstudente Finale dag vir studente om modules/programme te verander
28 MAART	Laaste dag vir registrasie vir eerste studiejaar in magister- en doktorsale programme (Vroeë registrasiedatums geld vir sommige gestruktureerde magisterprogramme. Bevestig dit met die programkoördineerders.)

Registrasie vir tweede semester

26 JULIE	Laaste dag vir registrasie en vir module- en programwysigings vir die tweede semester
----------	---

6.2.2 Laat registrasie

As jy laat registreer, moet jy die verpligte eerste paaielement sowel as die onderstaande laat-registrasieheffing dadelik betaal. As jy toelating gekry het om vir een of meer modules laat te registreer, is dit aan die onderstaande registrasieheffing onderhewig.

Heffing vir registrasie ná amptelike sluitingsdatum	R1 000
Laatregistrasieheffing per module	R200

6.2.3 Heffing van studiegeld vir alle studente

Studiegeld vir alle voorgraadse en geleentheidstudente word gehef per module waarvoor jy geregistreer het. Om te bereken wat die uitstaande bedrag van jou studiegeld vir die jaar is nadat jy die verpligte eerste paalement het, kyk na die kurrikulum in die betrokke fakulteit(e) se Jaarboek-deel om vas te stel watter modules jy wil en/of moet volg.

Studiegeld word per module gehef vir die meeste nagraadse programme. In die volgende uitsonderingsgevalle word studiegeld egter per program bereken: alle inskrywings vir doktorsale programme, en inskrywings vir sommige diploma- en magisterprogramme wat in sekere fakulteite aangebied word.

6.2.3.1 Gelde per module (voorgraadse, nagraadse en geleentheidstudente)

Jy kan die totale koste van 'n spesifieke module (onderriggelde én verwante module- en/of programkoste) bepaal deur <http://www.maties.com> te besoek en 'n kwotasie saam te stel. Klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)". Kies dan die program waaronder die betrokke module ressorteer. As die module nie op die kieslys verskyn nie, kies enige module – dit sal jou neem na die skerm waar jy 'n opsionele module kan byvoeg deur die eerste drie letters van die modulenaam in te tik. Kies dan die korrekte module uit die lys wat aangebied word.

Of, as jy weet wat die modulekode is, tik dit in om die betrokke module onmiddellik te laat verskyn. Voeg die module by, kanselleer die vorige/eerste module wat jy gekies het net om aan te beweeg, en voltooi die kwotasie vir 'n formele verslag van die koste.

6.2.4 Gelde gehef per modulekredietoordrag

'n Administratiewe bedrag van R500 is van toepassing op elke module waarvoor jy 'n krediet erkenning- en -oordragversoek rig, ongeag of die versoek goedgekeur is. 'n Boperk van R2 000 sal vir hierdie administratiewe bedrag gestel word.

6.3 Studentekaart

Elke persoon wat vir die eerste keer as student registreer, kry 'n studentekaart (foto-identiteitskaart) wat R80 per kaart kos. Hierdie koste word teen jou studentegeldrekening gehef wanneer die kaart uitgereik word.

Dit is 'n elektroniese kaart, wat bewys dat jy 'n US-student is.

Let wel: Bewaar jou studentekaart goed, want jy moet dit kan vertoon om klasse by te woon en eksamen te skryf.

Terugkerende studente behou die studentekaart wat hulle tydens eerste registrasie ontvang het. Jy moet dus jou studentekaart elke opeenvolgende keer saambring wanneer jy registreer sodat ons dit vir die nuwe akademiese jaar kan heraktiveer.

Jy kan jou studentekaart gebruik om die volgende te doen:

- Toegang tot Universiteitsgeboue, soos die US Biblioteek te verkry.
- Druk- en kopieerwerk te doen.
- Etes te bespreek.
- Wasgeriewe te gebruik.
- Rekenaargebruiker-areas te benut.
- Akademiese boeke (geld vir beursstudente slegs as die beursregulasies dit toelaat) te koop.

'n Spesifieke voorwaarde vir die gebruik van jou studentekaart is dat jy onder meer aanspreeklikheid aanvaar vir alle finansiële transaksies wat daarmee aangegaan word solank die kaart geldig is.

As jy jou studentekaart verloor of beskadig, kan jy 'n nuwe kaart by die IT HUB in Admin A kry en laat aktiveer teen betaling van R80, onderhewig aan die bepalings in 4.2.3.

6.3.1 Deposito vir drukwerk

Wanneer jy jou studentekaart vir die eerste keer gebruik om 'n dokument te druk, word 'n deposito vir gebruik van die Universiteit se drukgeriewe teen jou studentegeldrekening gehef. Vanaf 2019 word die drukkwoota ook vir kopieerwerk aangewend.

As jou drukkwoota uitgeput raak, kan jy dit herhaaldelik aanvul om hierdie geriewe aan te hou gebruik. Jy kan jou drukkwoota TOT 16 AUGUSTUS by www.sun.ac.za/useradm aanvul, of deur die SnapScan-toepassing te gebruik.

NÁ 16 AUGUSTUS kan jy dit aanvul slegs met 'n inbetaling by die kassiere of met 'n aanlyn betaling by <http://my.sun.ac.za> (onder "Finansies", "Betalingsopsies"), of deur die SnapScan-toepassing te gebruik. As jou drukkwoota teen die einde van die akademiese jaar nie uitgeput is nie, trek ons die saldo by jou studentegeldrekening af.

6.4 Studieverwante uitgawes: modulekoste en programkoste

Vanaf 2016 word alle studieverwante addisionele heffings vanuit twee kategorieë saamgegroeper: as "program- en/of modulekoste". Studentegelderekening vertoon dus program- en/of modulekoste as een bedrag vir elk van die bostaande geriewe, eerder as aparte inskrywings vir verskillende bykomende studieverwante heffings, soos bedryfskoste, programheffings, laboratoriumgeld, materiaalgeld, reisgeld en ledegeld vir akademiese verenigings.

Studiegeld wat in die verlede as Stellenbosch Besigheidskool-, SPL- of MIKM-gelde gehef is, word sedert 2016 ook as program- en/of modulekoste op studentegelderekening aangetoon.

Gelde per module (voorgaadse, nagraadse en geleentheidstudente)

Raadpleeg 6.3.3 oor hoe om te werk te gaan om die totale gelde vir 'n enkele module vas te stel.

6.5 Ledegeld vir nie-akademiese geregistreerde studenteverenigings

Ledegeld ten bate van 'n nie-akademiese studentevereniging word outomaties teen jou studentegelderekening gehef mits die betrokke vereniging by die Studenteraad geregistreer is en jy ná akademiese registrasie persoonlik via die studenteportaal as lid ingeskryf het. Kontak die voorsitter van die betrokke vereniging om vas te stel wat die heffingsbedrag vir die betrokke jaar is. Die kontakbesonderhede vir alle geregistreerde verenigings is by <http://www.sun.ac.za/afrikaans/students/student-societies> beskikbaar.

6.6 PSG-ledegeld

Alle studente wat privaat loseer, behalwe die uitsonderings hier onder, is kragtens 'n Raadsbesluit outomaties lede van 'n Pendelstudentegemeenskappe (PSG), en PSG-ledegeld word teen hulle studentegelderekening gehef.

Die volgende uitsonderings geld in hierdie verband:

- studente aan die Stellenbosch Besigheidskool
- studente aan die Fakulteit Krygskunde op Saldanha
- nagraadsdiplomastudente
- nagraadsesertifikaatstudente
- magisterstudente en
- doktrale studente.

Die ledegeld vir 2024 beloop R424. Rig asseblief navrae in hierdie verband aan die Sentrum vir Studentelewe en -leer by psa@sun.ac.za.

6.7 Parkeerheffing

Studente of personelede wat met 'n privaat motorvoertuig op Universiteitsgronde wil parkeer, moet die voertuig elektronies by die aangewese Universiteitsafdeling registreer. Sodanige registrasie is wel 'n voorvereiste om op Universiteitspersele te mag parkeer, maar dit waarborg nie 'n parkeerplek nie. Raadpleeg die webblad by <http://www.sun.ac.za/mobiliteit-parking> oor die volgende: tipes parking wat beskikbaar is, aansoek- en toekenningsprosedures, gepaardgaande kostes, en betalingsmeganismes.

6.8 Registrasie vir verbetering van punte

As jy aanvullende module(s) volg met die oog daarop om jou klaspunte te verbeter, maar geen klasse bywoon nie, bly jy nogtans aanspreeklik vir die volle studiegeld vir die betrokke module(s). Die betrokke akademiese departement kan jou wel na goeëdunde vryskeld, hetsy gedeeltelik of ten volle, van enige toepaslike module- en/of programkoste wat ten opsigte van die betrokke module(s) en/of program betaalbaar is. Die amptelike vryskeldingsdokument moet die Afdeling Studentegelde vroeëtydig bereik.

6.9 Dekaaansvergunningsassessering

'n Spesiale assesseringsgeleentheid, bekend as 'n dekaansvergunningsassessering, kan in sekere omstandighede toegestaan word aan finalejaarstudente wat aan die vereistes voldoen. As 'n dekaansvergunningsassessering vir JANUARIE 2025 aan jou toegestaan is, word die R1 300 daarvoor teen jou studentegelderekening gehef.

Kyk ook by "Dekaansvergunningsassessering" in Deel 1 van die Jaarboek.

6.10 Herhaling van programme of modules

As jy 'n program of enige module moet herhaal, moet jy alle die normale gelde daarvoor opnuut en ten volle betaal.

6.11 Hertoelating ná onsuksesvolle studies

As jou studies onsuksesvol was, kan jy VOOR OF OP 15 JANUARIE skriftelik by die Registrateur aansoek om hertoelating doen. Jy moet 'n aansoekvorm met 'n behoorlike begroning persoonlik invul en aan die Registrateur stuur saam met die bewys dat jy die nieterugbetaalbare bedrag hier onder inbetaal het. Die Hertoelatingsappèlkomitee oorweeg alle hertoelatingsaansoeke en sy beslissings is finaal.

Heffing vir hertoelatingsaansoek: R520 vir hertoelating in JANUARIE 2025. Kyk ook by "Hertoelating ná onsuksesvolle studies" in Deel 1 van die Jaarboek.

Die algemene reël dat jy mag registreer slegs nadat jou studentegelderekening ten volle vereffen, en die verpligte eerste paaiement betaal is, geld ook as jy hertoegelaat word.

Let daarop dat hierdie proses tans hersien word. Die veranderinge sal mettertyd deurgegee word.

6.12 Studierekords- en programdokumente

By jou gradeplegtigheid ontvang jy, saam met die kwalifikasiesertifikaat van die betrokke graad, diploma of sertifikaat (wat in Afrikaans en Engels verskaf word), ook jou studierekords (in Afrikaans en Engels) gratis as standaardprosedure.

Jy kan, as student of as oudstudent, 'n afskrif van jou studierekords en/of duplikaatsertifikate aanvra, waarvoor jy die onderstaande gelde by die kassiere moet betaal:

Soort dokument	Bedrag betaalbaar
Studierekord	R150
Duplikaatsertifikaat	R500
Basiese verklaring of bevestiging van akademiese rekord <i>Let wel</i> <ul style="list-style-type: none"> Die verklaring of bevestiging moet maksimum drie (3) blaaie wees. Die heffing vir studierekords sal ook ingereken word indien jy 'n studierekord saam met die verklarings- of bevestigingsdokumentasie versoek. 	R150
Komplekse verklaring of bevestiging van akademiese rekord <i>Let wel</i> <ul style="list-style-type: none"> Die verklaring of bevestiging moet meer as drie (3) blaaie wees. Die heffing vir studierekords sal ook ingereken word indien jy 'n studierekord saam met die verklarings- of bevestigingsdokumentasie versoek. 	R400
Bevestiging van reeds afgehandelde opleiding in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe <i>Let wel</i> <ul style="list-style-type: none"> Die heffing vir studierekords sal ook ingereken word indien jy 'n studierekord saam met die bevestigingsdokumentasie versoek. 	R2 000
Bewys van registrasie	R50
Moduleoorsigte	R200
Koerierkoste	Prys op aanvraag (POA)
Snelprossering van dokumente	R300

6.13 Skorsing (verbeuring van betaalde gelde)

As die Raad tydelik of permanent die regte en voorregte wat jy as student geniet, ontnem of jou tydelik of permanent verdere toelating as student ontsê, verbeur jy alle aanspraak daarop dat gelde wat jy reeds aan die Universiteit betaal het, terugbetaal word of dat gelde wat jy aan die Universiteit verskuldig is, verminder of vir jou kwytgeskeld word.

6.14 Raadsafskrywing van skuld

Die afskrywing van uitstaande studenteskuld deur die Raad vereis 'n interne proses wat 'n voorlegging aan die Raad vir goedkeuring behels. Indien die Raad sou besluit om jou studenteskuld as slegte skuld af te skryf, behels die afskrywing bloot 'n inskrywing in die US se finansiële rekords. Dit is nie gelykstaande aan 'n kwyt-skelding vir jou om jou uitstaande studenteskuld te betaal nie. Die US sal dienste aan jou gelever het en jou se wederkerige kontraktuele verpligting om die US vir die dienste gelever te vergoed sal bly bestaan.

Waar die US jou skuld as slegte skuld afgeskryf het en jy begerig is om:

- weer te registreer vir verdere studies, moet jou afgeskryfde skuld ten volle vereffen word alvorens jy toegelaat sal word om vir verdere studies te registreer;
- te registreer vir 'n daaropvolgende akademiese jaar, moet jou afgeskryfde skuld ten volle vereffen word voordat jy toegelaat sal word om vir verdere studies te registreer;
- jou akademiese uitslae/kwalifikasiesertifikate te verkry, behou die US die reg voor om akademiese uitslae/kwalifikasiesertifikate te weerhou totdat die afgeskryfde skuld ten volle vereffen is.

6.15 Assesserings-en herevalueringsbedrag

6.15.1 Herberekening van finale punte

Indien jy 'n module gedruip het en van mening is dat jou finale punt in 'n module verkeerd bereken is, kan jy aansoek doen dat die finale punt in die spesifieke module sorgvuldig herbereken word deur die betrokke departement of sentrum, onderhewig aan die bepaling verskaf in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek. 'n Administratiewe bedrag van R150 per assesseringsgeval is van toepassing. Hierdie bedrag is slegs terugbetaalbaar indien die herberekende punt die slaagvereistes vir die betrokke assesseringsgeval oorskry.

6.15.2 Herevaluering van assesseringsantwoordstelle

Indien jy 'n module druip en van mening is dat die punte vir jou A2- of A3-assesserings nie korrek is nie, kan jy aansoek doen vir 'n herevaluering van die betrokke assesseringsantwoordstel(le), onderhewig aan die bepaling verskaf in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek. 'n Administratiewe bedrag van R800 is per assesseringsgeval van toepassing. Hierdie bedrag is slegs terugbetaalbaar indien die herberekende punt die slaagvereistes vir die betrokke assesseringsgeval oorskry.

6.15.3 Afkampus-assesserings

Indien jy gemagtig is om afkampus-assesserings af te lê, is jy verantwoordelik vir die uitgawes geassosieer met die reël van afkampus-assesserings. 'n Bedrag van R4 000 sal gehef word vir elke assesseringsgeleentheid wat buite die kampusgrense binne Suid-Afrika afgeneem word. Daar kan bykomende heffings vir internasionaleassesseringsreëlins van toepassing wees.

6.15.4 Telematiese programme

Vir alle telematiese studente sal daar elke jaar 'n eenmalige bedrag van R4 000 gehef word. Daar kan egter ook bykomende gelde vir internasionaleassesseringsreëlins gehef word.

7. Staking en/of kansellasië

7.1 Staking van studies

As jy die Universiteit verlaat sonder dat jy jou studieprogram voltooi het, moet jy die Registrateur skriftelik in kennis stel dat jy jou studies staak en wat die rede(s) daarvoor is. As jy van Universiteitsverblyf gebruik maak, moet jy jou koshuisverblyf afsonderlik by die Studenteakkomodasiekantoor kanselleer. Die stakingsvorm is by die Kontak- en Kliëntedienssentrum te kry: info@sun.ac.za; 021 808 9111.

As jy geen stakingsdatum in jou skriftelike kennisgewing vermeld nie, gebruik ons die datum wanneer die skriftelike kennisgewing ontvang is om te bereken watter bedrag jy aan die Universiteit verskuldig is.

As jy jou studieprogram staak NÁ 31 MAART van dieselfde akademiese jaar waarin jy ingeskryf het, is jy ook vir die onderstaande bedraë aanspreeklik *bykomend tot* ander gelde (d.w.s. buiten studiegelde) wat op die rekening gehef word:

- die volle studiegeld vir enige eerstesemestermodules waarvoor jy ingeskryf het;
- die helfte van die studiegeld vir enige jaarmodules waarvoor jy ingeskryf het; en
- die helfte van die studieverwante addisionele koste – d.w.s. module- en/of programkoste – wat teen jou studentegelderekening vir die betrokke jaar gehef is.

As jy jou studieprogram NÁ 31 JULIE staak, is jy aanspreeklik vir die volle bedrag wat jou studentegelderekening vir die betrokke jaar behoort.

As jy slegs vir tweedesemestermodules geregistreer het en TEEN 15 AUGUSTUS van dieselfde akademiese jaar van inskrywing formeel aangemeld het (soos hier bo uiteengesit) dat jy jou studies wil staak, kan proporsionele terugbetaling oorweeg word.

Hierdie reëls geld ook vir nagraadse studente wie se studiegeld volgens module gehef word en wat modules ná bogenoemde keerdatums wil staak.

As jy die Universiteit verlaat sonder om jou studentegelderekening ten volle te vereffen, is jy aanspreeklik vir saamgestelde rente teen die bank se primakoers op die uitstaande bedrag, gereken vanaf die datum waarop jy die Universiteit verlaat het.

7.2 Staking van studies – Stellenbosch Besigheidskool-programkoste

Stellenbosch Besigheidskool-studente registreer in Januarie vir alle modules wat in die betrokke akademiese jaar aangebied word, hoewel alle modules nie tegelyk begin nie. Studiemateriaal word versprei voordat 'n module begin. As jy jou studies sou staak, is jy soos volg vir Stellenbosch Besigheidskool-modulekoste aanspreeklik:

- die volle Stellenbosch Besigheidskool-modulekoste van modules waarvan die helfte van die sessies of meer reeds aangebied is;
- 50% van die Stellenbosch Besigheidskool-modulekoste vir modules waarvan meer as 0%, maar minder as 50% van die sessies aangebied is;
- geen koste vir modules wat nog nie aangebied is nie.

Die beleid rakende US-studiegelde geld onveranderd en sal toegepas word soos hier bo in 7.1 uiteengesit.

Rig navraë asseblief aan die betrokke programkoördineerder by die Stellenbosch Besigheidskool.

7.3 Kansellasië van Universiteitsverblyf

7.3.1 Prosedures en reëlins vir die kansellasië van koshuisverblyf (voornemende studente)

As jy jou koshuisverblyf wil kanselleer, moet jy dit per e-pos doen. As jy 'n voornemende student is wat jou koshuisverblyf wil kanselleer, moet jy dus 'n e-pos na info@sun.ac.za vir die aandag van die Studenteakkomodasiekantoor stuur waarin jy jou studentenummer en die rede(s) vir kansellasië verstrek.

As jy nie die voorgeskrewe kennisgewing gegee het nie, sal geen terugbetaling van jou aanvaardingsbedrag oorweeg word nie.

Die datum waarop ons die e-pos-kennisgewing ontvang, geld as die amptelike datum waarvolgens enige verskuldigde geld bereken word.

As jy jou koshuisverblyf gekanselleer het, word die aanvaardingsbedrag soos volg hanteer:

- As jy VÓÓR OF OP 31 OKTOBER kanselleer van die jaar wat die betrokke losiesjaar voorafgaan, word jou volle koshuisaanvaardingsbedrag terugbetaal.
- As jou koshuisaanvaardingsbedrag terugbetaal moet word, moet jy die bankbesonderhedevorm

voltooi. Dit is op die webtuiste vir voornemende studente beskikbaar (onder "Gelde", "Betalingsopsies").

- As jy NÁ 31 OKTOBER kanselleer, geld 'n kansellasiefooi van R900.
- As jy meer as 'n week nadat die NSS-resultate in Januarie van die betrokke losiesjaar beskikbaar gestel is, kanselleer, verbeur jy ongelukkig **die volle aanvaardingsbedrag**.
- As jy nog nie opgedaag het teen die tyd dat die verwelkomingsprogram begin nie, verbeur jy die volle aanvaardingsbedrag, en die Studenteakkomodasiekantoor sal dan ook jou plek kanselleer.
- As jy nie toelating tot die Universiteit kry nie of weens omstandighede buite jou beheer nie die koshuisplek waarvoor jy reeds die vereiste aanvaardingsbedrag betaal het, kan benut nie, kan jy aanvra dat die aanvaardingsbedrag terugbetaal word. Jy moet die versoek behoorlik begrond in 'n brief aan die Studenteakkomodasiekantoor (stuur na info@sun.ac.za).
- Die Universiteit besluit na eie goeddunke oor die terugbetaling van enige geld.

7.3.2 Prosedures en reëlings oor kansellasië of opsegging van koshuisverblyf (huidige studente)

7.3.2.1 Kansellasië in die voorafgaande jaar

- As jy 'n ingeskrewe student is en jou koshuisverblyf kanselleer VOOR OF OP 30 SEPTEMBER van die jaar vóór die inwoningsjaar waarop die kansellasië betrekking het, word jy vir geen inwoningsgeld vir die volgende jaar aanspreeklik gehou nie.
- As jy ná bogenoemde datum kanselleer, maar voordat die akademiese jaar begin, hef die Universiteit kansellasiefooië soos volg: kansellasië van inwoning NÁ 30 SEPTEMBER van die jaar vóór die inwoningsjaar waarop die kansellasië betrekking het – R1 000; NÁ 31 OKTOBER – R2 000; NÁ 30 NOVEMBER – R3 000.

7.3.2.2 Kansellasië nadat die akademiese jaar begin het

- Indien jy 'n ingeskrewe student is en jou koshuisplasing wil kanselleer, moet jy die Studenteakkomodasiekantoor skriftelik in kennis stel deur die voorgeskrewe vorm aan info@sun.ac.za te e-pos. Hierdie vorm is beskikbaar op www.maties.com > Verblyf > Herplasing van huidige studente > Kansellasië van koshuisplasing.
- Ons aanvaar die datum van ontvangs van die voorgeskrewe vorm wat aandui dat jy jou koshuisplasing wil kanselleer as die amptelike datum vir die berekening van enige verskuldigde bedrag.
- Koshuisplasinge word vir die volle akademiese jaar toegestaan. Indien jy jou plasing gedurende die akademiese jaar kanselleer en geen plaasvervanger gevind word nie, sal die volgende kansellasiefooië van toepassing wees van die dag van ontvangs van die voorgeskrewe vorm:
 - Indien jy in die eerste kwartaal jou plasing kanselleer, en geen plaasvervanger gevind kan word nie, sal 'n kansellasiefooi van 8 weke van die inwoningsgeld teen jou studentegelderekening gehef word van die dag van ontvangs van die voorgeskrewe vorm om jou kansellasië aan te dui.
 - Indien jy in die tweede kwartaal jou plasing kanselleer, en geen plaasvervanger gevind kan word nie, sal 'n kansellasiefooi van 6 weke van die inwoningsgeld teen jou studentegelderekening gehef word van die dag van ontvangs van die voorgeskrewe vorm om jou kansellasië aan te dui.
 - Indien jy in die derde kwartaal jou plasing kanselleer, en geen plaasvervanger gevind kan word nie, sal 'n kansellasiefooi van 4 weke van die inwoningsgeld teen jou studentegelderekening gehef word van die dag van ontvangs van die voorgeskrewe vorm om jou kansellasië aan te dui.
 - Indien jy in die vierde kwartaal jou plasing kanselleer, en geen plaasvervanger gevind kan word nie, sal 'n kansellasiefooi van 2 weke van die inwoningsgeld teen jou studentegelderekening gehef word van die dag van ontvangs van die voorgeskrewe vorm om jou kansellasië aan te dui.
- Indien 'n plaasvervanger wel gevind word en jou kansellasiefooi kwytskeld word, sal jy steeds verantwoordelik wees vir die inwoningsgeld totdat die plaasvervanger in die koshuis intrek.
- Jy moet jou koshuiskamer op die dag van kansellasië ontruim.
- As jy jou koshuisverblyf weens siekte kanselleer en 'n bevredigende mediese sertifikaat voorlê, kan die kansellasiefooi vir jou kwytskeld word.
- Die Universiteit beslis na eie goeddunke oor die terugbetaling van enige gelde.

8. INTERNASIONALE STUDENTE – inligting oor gelde vir 2024

8.1 Minimum verpligte aanvangsbedrag vir internasionale studente

- As jy 'n internasionale student is (met die uitsondering van internasionale studente met permanenteverblyfreg in Suid-Afrika, studente met diplomatieke of vlugtelingstatus en studente wat asielsoekers is) moet jy voor registrasie die minimum verpligte aanvangsbedrag vir gedeeltelike betaling van jou onderriggeld en die internasionale onderriggeld (verder aan ITF, wat die Engelse akroniem vir *international tuition fee* is) ten volle betaal. Sien die betrokke tabel hieronder
- Die ITF verteenwoordig 'n bykomende vaste bedrag wat jaarliks gehef word en moet voor registrasie betaal word. Hierdie bedrag is van toepassing op beide residensiële en nieresidensiële programme. Vir studente wat in die tweede semester van 'n bepaalde akademiese jaar registreer, sal die volle ITF, soos van toepassing, steeds vir elke akademiese jaar van registrasie gehef word. Die akademiese jaar is van Januarie tot Desember.
- 'n Minimum verpligte aanvangsbedrag vir koshuisgeld en etekwotas (waar van toepassing) is ook betaalbaar. Sien par. 8.2 verder aan in hierdie hoofstuk vir nadere besonderhede
- Die totaal betaalbaar voor registrasie is nie die volle koste nie. Finale betaling vir eerstesemester-inskrywings moet OP 31 MEI gedoen word, en OP 30 SEPTEMBER vir tweedesemesterinskrywings

SAOG-lande* (wat Namibië insluit) en Rwanda (1^{ste} jaar van registrasie)			
Kategorie	Minimum verpligte aanvangsbedrag vir gedeeltelike betaling van onderriggeld	ITF	Totaal betaalbaar voor registrasie
Voorgraads	R60 000	RO	R60 000
Sertifikate	R45 000	RO	R45 000
Diplomas	R45 000	RO	R45 000
Honneurs	R45 000	RO	R45 000
Magister	R30 000	RO	R30 000
Doktoraal	R25 000	RO	R25 000
SAOG-lande* (wat Namibië insluit) en Rwanda (2^{de} en voortgesette jare van registrasie)			
Kategorie	Minimum verpligte aanvangsbedrag vir gedeeltelike betaling van onderriggeld	ITF	Totaal betaalbaar voor registrasie
Voorgraads	R45 000	RO	R45 000
Sertifikate	R33 750	RO	R33 750
Diplomas	R33 750	RO	R33 750
Honneurs	R33 750	RO	R33 750
Magister	R22 500	RO	R22 500
Doktoraal	R18 750	RO	R18 750
AFRIKA (uitgesonder die SAOG-lande* en Rwanda)			
Kategorie	Minimum verpligte aanvangsbedrag vir gedeeltelike betaling van onderriggeld	ITF	Totaal betaalbaar voor registrasie
Voorgraads	R60 000	R34 375	R94 375
Sertifikate	R45 000	R34 375	R79 375
Diplomas	R45 000	R34 375	R79 375
Honneurs	R45 000	R34 375	R79 375
Magister	R30 000	RO	R30 000
Doktoraal	R25 000	RO	R25 000

RES VAN DIE WÊRELD (Buite Afrika)

Kategorie	Minimum verpligte aanvangsbedrag vir gedeeltelike betaling van onderriggeld	ITF	Totaal betaalbaar voor registrasie
Voorgraads	R100 000	R68 750	R168 750
Voorgraadse Sertifikate & Diplomas	R85 000	R68 750	R153 750
Nagraadse Sertifikate & Diplomas	R45 000	R68 750	R113 750
Honneurs	R45 000	R68 750	R113 750
Magister	R30 000	R34 375	R64 375
Doktoraal	R25 000	R0	R25 000

*SAOG-lande: Angola, Botswana, die Comore, DRK, Lesotho, Madagaskar, Malawi, Mauritius, Mosambiek, Namibië, Seychelle, Swaziland, Tanzanië, Zambie en Zimbabwe. (Let daarop dat Rwanda ook saam met hierdie lande getel word.)

8.1.1 Studente vrygestel van die internasionale onderriggeld (ITF)

- Die ITF word nie teen die studentegelderekening van studente van die SAOG en Rwanda gehef nie.
- Die ITF word nie teen die studentegelderekening van studente met permanenteverblyfreg in Suid-Afrika, vlugtelingstatus, diplomatieke status, of wat asielsoekers is, gehef nie.
- Vir nie-Suid-Afrikaanse studente met permanenteverblyfreg in 'n SAOG- of ander Afrikaland word die ITF teen die studentegelderekening van die student gehef na gelang van die streek waarin die student permanenteverblyfreg het.
- Geen ITF word teen die studentegelderekening van doktrale studente en studente in nagraadse programme op die telematiese platform (interaktiewe telematiese onderrig) gehef nie.
- Vir studente wat vir programme by die Stellenbosch Besigheidskool geregistreer is, word die ITF nie vir studente van die SAOG-streek, vir studente van Afrika buite die SAOG-streek en vir PhD-studente gehef nie en slegs die basis-ITF van R34 375 is van toepassing op ALLE nagraadsdiploma- en meestersgraadstudente uit die Res van die Wêreld.

8.2 Verpligte eerste paaielemente van inwoningsgeld en etekwotas

Verpligte eerste paaielement op inwoningsgeld = R25 000	'n Aanvaardingsbedrag van R8 200 maak deel uit van die verpligte eerste paaielement van R25 000. Die verskil van R16 800 moet voor of by registrasie betaal word. Vir inligting oor inwoningsgeld, verwys na par. 3.2 Inwoningsgeld volgens soort Universiteitsverblyf.
Verpligte eerste paaielement van etekwota = R15 000	R15 000 (vir koshuise met spyseniering) 'n Pakket vir 3 standaardetes per dag, 7 dae per week, kos ongeveer R32 550. Let daarop dat slegs etes wat benut word afgetrek word en duurder ete-opsies kan die kwota voortydig uitput.

8.3 Internasionale studente met permanenteverblyfreg in SA, sowel as vlugteling

- As jy 'n internasionale student met permanenteverblyfreg in Suid-Afrika, 'n internasionale student met diplomatieke status of vlugtelingstatus, of 'n asielsoeker is, betaal jy dieselfde gelde as Suid-Afrikaanse studente.
- Vir inligting oor beskikbare betalingsopsies, verwys na "4.1.1 Verpligte eerste paaielement van studiegeld".
- Alle agterstallige bedrae op jou studentegelderekening vir 'n bepaalde jaar moet ten volle betaal word voordat jy toegelaat sal word om vir die volgende jaar te registreer.

8.4 Algemene inligting

8.4.1 Vorme van studie

Daar is drie moontlike vorme van studie:

- Residensiële: die kandidaat is tipies voltyds op kampus.
- Nieresidensiële: die kandidaat woon modulêre sessies/vergaderings met studieleiers by soos wat vereis word en is vir korter as drie maande in Suid-Afrika.
- Telematies: die kandidaat is vir 'n program op die telematiese platform (interaktiewe telematiese onderrig) ingeskryf.

8.4.2 Klassifikasie van gelde

- Onderriggeld, die internasionale registrasiegeld en die ITF (indien van toepassing) sal outomaties teen jou studentegelderekening gehef word, gewoonlik teen die einde van die maand na registrasie.
- Indien jy sien dat hierdie gelde nie op jou studentegelderekening verskyn nie, kontak asseblief die finansieskantoor van US Internasionaal by suifinance@sun.ac.za.
- Soos wat jy van akademiese dienste gebruik maak, sal die betrokke fooie op die studentegelderekening gehef word. As 'n verpligte bedrag sal R80 as studentekaartgeld gehef word.

8.4.3 IRF-bedrae vir residensiële internasionale studente in graadprogramme

SAOG EN RES VAN AFRIKA	Voorgraads en Nagraads	R5 035
RES VAN DIE WÊRELD (BUITE AFRIKA)	Voorgraads: Baccalaureus, Sertifikate en Diplomas	R53 350
RES VAN DIE WÊRELD (BUITE AFRIKA) (slegs van toepassing op internasionale studente wat voor die 2023- akademiese jaar geregistreer het)	Voorgraads en Nagraads	R10 670

8.4.4 Nie-residensiële internasionale studente in graadprogramme

Nie-residensiële studente is studente wat modulêre sessies of vergaderings met hulle studieleier/promotor bywoon, soos vereis, en wat vir korter as drie maande op 'n slag in Suid-Afrika is. 'n Nie-residensiële student in 'n graadprogram sal 'n verlaagde IRF-bedrag as volg betaal:

AFRIKA EN DIE RES VAN DIE WÊRELD	Nagraads	R1 765
----------------------------------	----------	--------

8.4.5 Akademiesediensgelde (beraamd)

- Akademiesediensgelde word jaarliks gehef.
- 'n Bedrag van R4 250 word beraam vir akademiesediensgelde vir 2024 en behels onder andere die uitgawe vir die studentekaart, vir fotokopieë, vir drukwerk, vir wasgoed, vir gimnasiumlidmaatskap en verenigingslidmaatskap, asook materiaalgeld en laboratoriumgeld. Hierdie beraamde bedrag is grotendeels van toepassing op geborgde studente om borge 'n aanduiding te bied van hoeveel om toe te ken.
- Ongebruikte akademiesediensgeld kan aan die einde van die akademiese jaar terugbetaal of na die volgende akademiese jaar oorgedra word.

8.5 Beursstudente

- 'n Skriftelike bewys dat 'n beurs toegeken is, wat duidelik die bedrag van die beurs wat gedek gaan word aandui, moet voor registrasie of andersins tydens registrasie ingedien word.
- Hierdie bewys moet op 'n amptelike briefhoof van die beursinstansie ingedien word en moet die e-posadres en kontaknommer van die persoon wat die beurs administreer insluit.
- In gevalle waar die beurs nie 'n presiese bedrag het nie, moet hulle duidelik aandui of die volgende items deur die beurs gedek sal word:

Klasgelde	Internasionale registrasiegeld (IRF)
Internasionale onderriggeld (ITF) (indien van toepassing)	Akademiesediensgelde
Akkommodasie	Etes

- Indien jy die Internasionale Finansiële Kantoor van skriftelike bewys kan voorsien dat daar reeds 'n beurs aan jou toegestaan is om vir die betrokke program in die betrokke jaar te registreer, kan jy vrygestel word van die betaling van die verpligte eerste paalement voor of op die datum van registrasie, mits die beursbedrag voldoende is om die verpligte eerste paalement vir die jaar te dek.

Indien die beursbedrag minder as die eerste paaiement is, moet jy die verskil self teen die datum van registrasie betaal.

- Alle beursstudente se studentegelderekening moet teen nie later nie as 31 MEI 2024 volledig vereffen wees.
- Versuim om die rekening teen die sperdatum te vereffen, sal daartoe lei dat studente nie hul akademiese uitslae in JUNIE 2024 kan sien nie.
- Bewys van beurse, met die betrokke student se studentenommer duidelik aangedui, moet aan die toepaslike e-posadres uit die volgende e-posadresse gestuur word:
 - Stellenbosch-kampus suifinance@sun.ac.za
 - Tygerberg-kampus mdamon@sun.ac.za
 - Stellenbosch Besigheidskool sbs-studentfinance@sun.ac.za

8.6 Algemene kommentaar

- Gelde- en betalingsvereistes wissel vir internasionale studente, met 'n onderskeid tussen internasionale studente uit die SAOG-streek (en Rwanda), internasionale studente uit Afrika buite die SAOG en internasionale studente uit die res van die wêreld.
- Jy sal nie toegelaat word om te registreer indien die minimum verpligte aanvangsbedrag (sien tabelle onder 8.1) nie voor registrasie ontvang is nie.
- 'n Maksimum omkeertyd van 14 werksdae word toegelaat vir die betaling om in die Universiteit Stellenbosch se bankrekening te weerspieël. Jy sal nie kan registreer of jou studentekaart vir akademiese dienste kan aktiveer indien die geld nie binne die omkeertyd in die Universiteit Stellenbosch se bankrekening weerspieël is nie, en 'n fooi vir laat betaling sal gehef word.
- Alle uitstaande gelde wat aan die Universiteit verskuldig is, moet ten volle TEEN 31 MEI 2024 betaal word vir eerstesemesterinskrywings, en TEEN 30 SEPTEMBER 2024 vir tweedesemesterinskrywings.
- Indien jou studentegelderekening nie teen die toepaslike datum vereffen word nie, sal jou studentegelderekening geblokkeer word, sal daar rente teen jou studentegelderekening gehef word, en sal geen akademiese uitslae beskikbaar gemaak word nie. Verder, in geval van uitstaande gelde, sal geen voortsettingsbrief vir studievismodoeleindes uitgereik word nie.
- Aangesien jou studentegelderekening op jou akademiese lading en die akademiese dienste wat jy gebruik berus, is dit jou verantwoordelikheid om jou studentegelderekening gereeld deur die loop van die jaar na te gaan.

9. Studentegelde-almanak 2024

Januarie	
8	Betaling van verpligte eerste paaiement van inwoningsgeld (indien van toepassing) op datum van registrasie vir die betrokke groep studente (Tygerberg-kampus) ten einde studentekaarte te laat aktiveer en renteheffing te vermy
11	Indiening van hertoelatingsaansoeke sluit (buiten Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe)
26	Laaste dag (een week nadat die NSS-uitslae op 19 JANUARIE 2024 beskikbaar gestel is) vir voornemende studente om inwoning vir die betrokke jaar te kanselleer sonder om die volle aanvaardingsbedrag te verbeur (kyk ook by afdeling 7)
15-31	Betaling van verpligte eerste paaiement van inwoningsgeld (indien van toepassing) op datum van registrasie vir die betrokke groep studente ten einde studentekaarte te laat aktiveer en renteheffing te vermy

Februarie	
8	Laaste dag vir indiening van ingevulde debietorder-aansoekvorms by Afdeling Studentegelde; laat aansoeke word wel oorweeg, onderhewig aan voorafbetaling
23	Laaste dag vir laat registrasie vir voorgraadse, geleentheid-, diploma-, sertifikaat- en honneursstudente Finale dag vir studente om modules/programme te verander Eerste maandelikse versending van studentegelderekening per e-pos
28	Betaling van eerste 20% van studentegelderekening

Maart	
1	Betaling van eerste debietorderpaaiement
28	Laaste dag vir registrasie vir <i>nuwe</i> M (tesis)- en D-studente ten einde studentekaarte te laat aktiveer en renteheffing te vermy
29	Laaste datum vir staking van studies om moontlik vir volle of gedeeltelike terugbetaling van studiegeld ná staking in aanmerking te kom (kyk by afdeling 7) Laaste dag van amptelike staking van eerstesemestermodules by fakulteitsadministrateurs in Admin A
31	Laaste dag vir indiening van ingevulde aansoekvorms om op grond van volle betaling van die jaar se studiegeld vir onderriggeldkorting van 3% in aanmerking te kom (kyk by afdeling 5) Betaling van tweede 20% van studentegelderekening

April	
5	Laaste dag vir vaslegging van nagraadse studente se submodules deur departementele verteenwoordigers ten einde volledige studentegelderekening te genereer
30	Betaling van derde 20% van studentegelderekening

Mei	
17	Laaste dag vir indiening van aansoeke om hertoelating deur studente met die oog op die tweede semester van 2024, en vir betaling van die hertoelatingsfooi (moet hertoelatings-aansoek vergesel).
31	Betaling van vierde 20% van studentegelderekening

Julie	
19	Laaste dag vir indiening van aansoeke om toelating met die oog op die tweede semester van 2024, buiten hertoelatingsaansoeke (wat reeds op 17 Mei gesluit het)
26	Laaste datum vir staking van studies om vir gedeeltelike terugbetaling van studiegeld van <i>jaarmodules</i> in aanmerking te kom ná staking (kyk by afdeling 7)
31	Betaling van 5% van oorblywende studentegelderekening

Augustus	
2	Laaste dag vir registrasie vir die tweede semester
16	Laaste dag vir wysiging van ete-, was-, druk-, en internetkwotas (lg. nadat die limiet bereik is) op studentegelderekening; NÅ 16 AUGUSTUS kan die deposito slegs met 'n kontantinbetaling by die kassiere, of deur gebruik te maak van die SnapScan-toepassing vir voorafbetaling, of met 'n aanlyn betaling (by die studenteportaal, http://my.sun.ac.za) aangevul word. Laaste datum vir heffings op studentegelderekening
31	Betaling van 5% van oorblywende studentegelderekening
September	
16	Laaste datum waarop fakulteite studentegeldvorme moet terugbesorg wat onderriggeld en ander studieverwante addisionele gelde (module- en programkoste) vir die volgende jaar aandui, tensy 'n ander reëling gekommunikeer is
27	LAASTE DAG VIR BETALING VAN VERSKULDIGDE BALANS VAN STUDIE-, INWONINGS- EN ANDER GELDE T.O.V. 2024
November	
30	Laaste dag vir finale betaling van studentegelderekening deur studente wat in Desember wil gradueer
Desember	
1	Betaling van laaste debietorderpaaieiment
9	Keerdatum vir personeellede om via Sun-e-HR aansoek te doen om personeelkorting waarvoor hulle in aanmerking kom t.o.v. hulleself, hulle gade of kind